

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 8, NO 11/12 Nov/Des 2002

REDAKSIONEEL

Vrede op aarde

Die inhoud van die engele-lied gedurende die nag van Jesus se geboorte is oor die algemeen welbekend. Veral deel B van die lied: vrede op aarde. Dikwels word dit verkeerd en buite konteks aangehaal: vrede vir alle mense. Vrede vir heiden en gelowige, vir jood en moslem en christen. Deel A - eer aan God in die hoogste hemele - word deurgaans verswyg. Dit is 'n noodlottige verswyging. Want deel B beteken niks sonder deel A nie. Sonder verheerliking van God in die hoogste hemele kan daar geen vrede op aarde wees nie.

Vrede, vrede!

Tog word daar deur alle eeue van vrede gepraat en na vrede gestreef sonder om die God van hemel en aarde te verheerlik. In die dae van Jeremia, toe die dreigende onweerswolke van die ballingskap reeds swaar in die lug gehang het, het die ontroue Israel onophoudelik met luide stem verkondig: die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit! Hulle uitroep was 'n eggo van die boodskap van die leiers: Vrede, vrede.

Kamma-vrede. Oogverblindende vrede. Geruststelling van die gemoed, terwyl die gemoed van die ongehoorsame verbondsbreker eintlik in beroering moes wees. Pamperlang met woorde, terwyl God by monde van sy profete oproep tot hartgrondige bekering.

In hierdie opsig is die ontroue Israel van die Ou Testament nie uniek nie. Só maak die in sonde gevalle mens. Sy eie-gemaakte modderpoel van ellende dreig om hom huid en haar in te sluk - maar nog steeds word daar vol bravade uitgeroep: alles verloop voorspoedig, geen probleem is te groot nie, alles is perfek onder beheer. Na buite word die front voorgedou: Vrede, vrede! Binnekant vreet die kanker van onreg en ongehoorsaamheid.

Die hartklop van vrede

Wat is vrede? 'n Belangrike vraag. Vir heelparty mense is vrede 'n toestand waarin oorlog afwesig is. 'n Skietstaking word vertolk as vrede. Die ondertekening van 'n verdrag tussen strydende partye word gereken as vrede. Op 'n meer persoonlike vlak: as daar nie by die huis onderling

geskree, geargumenteer en verwyt word nie, is daar vrede. Vir ander mense hou vrede meer in as afwesigheid van oorlog en 'n geraas en 'n geskree. Vrede het volgens hulle te doen met gelukkigheid, 'n atmosfeer van geborge wees en sekuriteit.

Die engele op Efrata se velde vestig die aandag op die hartklop van ware vrede. Vir die mense in wie God 'n welbehag het kom daar vrede. Hoe? As die heerlikheid wat aan God toekom, met woord en daad aan Hom gegee word. Vrede op aarde het ten ene male verlore gegaan met die sondeval in die paradys. God is onteer. Die gevolg daarvan? Op aarde is daar onvrede, oorlog, rusie, haat, bloedvergieting, disharmonie, chaos. Al hierdie dinge is sigbare vergestaltung van God se regverdige verbondsoordeel. As jy van hierdie boom eet, sal jy sekerlik sterwe. In terme van die engele-lied: die vrede sal verseker daarmee heen wees.

Herstel van vrede

Langs die weg van voldoening kom daar versoening - en vrede. Christus neem die

REDAKSIONELE NOTA

U ontvang hiermee die gekombineerde November/Desember-uitgawe van *Waarheid en Dwaling*.

Die redaksie het besluit om vanaf volgende jaar die formaat van die blad te wysig. U sal dieselfde hoeveelheid leesstof as in die verlede ontvang, maar dit sal voortaan kwartaalliks saamgestel en versend word. Ons vertrou dat ons langs hierdie weg steeds 'n duidelik rigtingwysende forum kan bied vir gelowiges wat hulle dienswerk in die amp van gelowiges van harte tot eer van God wil uitleef.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- Redaksioneel**
Vrede op aarde
- Skrifoordenking**
Die vertroosting van Israel verweg
Ds GJ Meijer
- Fokus**
Die vrou in die kerk
Ds HLJ Momberg
- Aktueel**
Oordeel, beoordeel en veroordeel
Ds ALA Buys
- Op die kerkerf**
Diakonale konferensie 2002
Dr JR Zeevaart
- Lesersreaksie**
Susterkerke
- Mediese etiek**
Alternatiewe geneeswyses
Prof JM Boon
- Iriskopie**
Prof JM Boon
- Persskou**
 - Christelike teologie onder vergrootglas*
 - Ooreenkoms onderteken oor 'verval' in NG Kerk*
- Redaksie**
Sinode 2003 op hande

**VERENIGING VIR
GEREFORMEERDE
LEWENSWANDEL**

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos:
gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

menslike natuur aan. Hy word gebore in Betlehem, in die stal – soos deur die profete voorsê is. Hy bring die gevalle mens in die reine met God. Deur sy offer wat met sy ontvangenis in die moederskoot van Maria en met sy geboorte in die stal begin, word die gevalle verbondsverbreker verlos om 'n gehoorsame verbonds-onderhouer te word. Die mens wat God van nature onteer, word deur die Gees van Christus gelei om God opnuut te eer. Die Vader word prioriteit nommer een in die verlose mens se lewe. Die Vader se wil word hoe langer hoe meer die verlose mens se wil. Die koms van die Vader se koninkryk word 'n saak van dringende erns, waaraan verlose kinders van God met mag en mening wil saamwerk.

Die gevolg? Vrede. Vir almal wat God in Christus eer hou die engele-lied 'n heerlike stuk evangelie in. Vrede op aarde vir elkeen wat die Here van harte liefhet. Vrede in die huwelik, in die gesin, in die veilige hawe van die huis. Vrede in die kerk, die gemeenskap van die heiliges. Vrede in die vriendekring, die werksomgewing, die stad, die dorp, die land. Die versteurde verhouding met God is deur Christus herstel. Dit lei tot harmonie en geluk op aarde.

... en oorlog

Hulle wat God nie eer nie, hulle wat deel A van die engele-lied nie sing en wil sing nie, deel nie in hierdie vrede-vreugde nie. Vir hulle sal daar altyd oorlog en wanorde en verskeurdheid wees. God se regverdige verbondsoordeel laat geen kamma-vrede toe nie. Klingelende kersfeesklokke wat 'n gemoedelike atmosfeer tussen christen en nie-christen probeer bevorder, is 'n hersenskim, 'n bedrogspul. En baie tydelik van aard.

Sodra die kersfeesklokkies ophou lui, ratel die geweevuur voort. As die kersvaderpakkies tot volgende jaar in die kas gebêre word, slaan die harde werklikheid van onvrede die gevalle mens soos 'n vuishou tussen die oë.

Die boodskap aan die gelowige kind van God is klinkklaar en helder. Weerhou jou van klatergoud. Moenie in 'n gees van algemene gemoedelikheid vergeet waar die strydfront lê nie. Moet ook nie vergeet dat die kerk van Jesus Christus in geheel op die front paraat moet wees nie. Die eeue-oue stryd van Genesis 3:15 word gedurende die Kersnag nie opgehef nie. Inteendeel. Dit word na sy klimaks gedryf. Die kop van die slang moet vermorsel word. Die gebeure in Betlehem moet uitloop op Golgota en Paasondag en hemelvaart. En wederkoms.

Vrede in 2003

Eer aan God in die hoogste hemele; vrede op aarde vir die mense in wie God 'n welbehag het. Dit is die wens van die redaksie aan al die lesers en al God se kinders wêreldwyd vir 2003. Dit is ons bede dat die ryk inhoud van die engele-lied vir elke gelowige broeder en suster, vir elke gelowige egpaar en gesin en familie, vir elke gelowige werkgewer en werknemer, vir elke gelowige jongmens en bejaarde 'n heerlike werklikheid sal wees.

Dié bede gaan ook in besonder op vir die Nasionale Sinode 2003, wat DV vanaf 6 tot 16 Januarie te Potchefstroom sal vergader. As die besprekings en besluite daadwerklik tot eer van God strek, en getuig van die diepste respek vir God en sy Woord, sal daar vrede in die kerke en in die kerkverband wees. Ongetwyfeld.

SKRIFOORDENKING

Die vertroosting van Israel verwag

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

En daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Simeon; en hierdie man was regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag, en die Heilige Gees was op hom. En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie. (Lukas 2:25,26)

Die spanning rondom die geboorte van die Messias loop hoog. Satan verwag Hom: die Kind wat gaan kom om sy kop te vermorsel. Vir Satan is die spanning ondraaglik. Maar die gelowiges in Israel verwag Hom ook. Hulle sien uit na Sy koms. Want Sy koms is vrede, lewe tot in ewigheid. Op heelparty plekke in die Ou Testament word daar melding gemaak van die koms van Jesus Christus ons Verlosser. Die eerste belofte vind ons in Genesis 3:15 - die moederbelofte. God belowe: die saad van Eva sal die Satan verpletter. Daardie Saad sal herstel bring vir almal wat in God glo. Die moederbelofte is verskeie kere in

die Ou Testament herhaal. God se verbondsvolk Israel het van talle profete gehoor dat God versoening gaan bewerk. Dink maar aan die profesie van Jesaja: 'Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en Hom Immanuel noem'. En die profesie van Miga: 'En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees'. Bowendien het die volk via die tempeldiens gesien hoe God die versoening gaan bewerk. Die HERE het hulle nie in die duister gelaat nie. Elke verbondskind het presies geweet waar hulle met die HERE

staan. Die laaste profeet wat die koms van die Verlosser aangekondig het, was Maleagi. Maleagi het die volk Israel vermaan, bemoedig en aangespoor, sodat hulle welbewus en met verlange sal uitkyk na die koms van hulle Saligmaker.

Stilte

Sedert Maleagi se profetiese optrede het daar 400 jaar verbygegaan. In dié 400 jaar het daar heelwat in Israel gebeur: positief sowel as negatief. Polities het die volk onder die bewind van die Romeine gekom. Maatskaplik het hulle hulleself goed gevestig. Godsdienstig het die lewe in en rondom die tempel voortgegaan. Veral die Fariseërs en Sadduseërs het op godsdienstige terrein op die voorgrond begin tree. Hulle het saam 'n raad, 'n sanhedrin gevorm. Hulle het bepaal hoe die volk die Here moes dien.

Oor die algemeen het sake positief gelyk. Die volk Israel was oppervlakkig gesien goed daaraan toe. Hulle was heeltemal tevrede met die gang van sake. Die skoen het net op een plek gedruk: hulle word deur die Romeine oorheers. Hulle verlange was intens om van daardie oorheersing ontslae te raak. In hulle toekomsverwachting was dit 'n groot saak: dat Israel kan vry word van Rome.

Dodelike stilte

Maar, as 'n mens dieper as die oppervlak kyk, blyk dit dat alles nie so wel was soos wat die gemiddelde Jood van daardie dae gedink het nie. Daar word wel geoffer, daar word gebid, daar word by sekere leefreëls gehou. Die Fariseërs dwing die volk om stiptelik by die wette van Moses tesame met al hulle eie aanpassings en toevoegings te leef. Maar die hartklop van ware Godsvrees ontbreek. Die godsdienstige leiers lei die volk nie vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament toe nie. En dit is tog wat hulle ten diepste moes doen. Hulle moet die suiwer Messias-verwachting wat deur die profete van die Ou Testament voorsê is, by die volk brandende hou. Hulle moet voortdurend besig wees om die ware sin van die tempeldiens te verduidelik. Die volk moet insien dat die wette van Moses vervul moet word. Die volk moet besef dat die offers in die tempel heenwys na die groot offer wat deur die Verlosser gebring moet word. Die geestelike leiers moet die volk daarvoor inlig. Hulle moet die Ou Testamentiese kerk gereedmaak om die Verlosser in te wag.

Maar hulle doen dit nie. Die Messiasverwachting wat die Fariseërs en skrifgeleerdes by die volk kweek, is polities geïnspireerd en gerig. Vierhonderd jaar na die profesie van Maleagi gaan dit vir die deursnee van die volk oor 'n messias wat hulle van die Romeinse juk moet verlos. Hulle verwag 'n volksbevryder. Dit gaan vir hulle nie oor die lank beloofde Messias van Genesis 3 en Jesaja 7 en Miga 5 wat die kop van Satan moet vermorsel en die volk met God moet versoen nie.

Hierdie toestand in Israel is diep tragies. Die volheid van die tyd breek aan. Die Christus, die Gesalfde van die Here moet gebore word. Die volk moes in geheel vol verwagting gereed staan om hulle Verlosser te ontvang en in geloof te aanbid. Maar hulle staan nie gereed nie. Hulle brand nie van verwagting vir die komende Christus nie. Want? - hulle verwag heeltemal iemand en iets anders.

Lig in die duister

En tog, te midde van hierdie diep bedroewende toestand, is daar die ligpunte ook. Op een van die ligpunte vestig die Here

ons aandag in Lukas 2. Daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Simeon. In die oë van die ander bewoners van Jerusalem 'n heel gewone mens, een van vele. Maar in die oë van die Here is hy radikaal anders as die vervalle massa.

Die Here gee 'n besondere getuigskrif oor hierdie mens Simeon. Dit kom ooreen met die getuigskrif wat die Here jare tevore oor die man Job gegee het. Simeon was, soos Job, regverdig en vroom. Vroom wys op sy hartsingesteldheid. Simeon het eerbied vir God. Hy het respek vir God se grootheid. Hy is tegelyk deeglik bewus van sy eie menslike kleinheid en swakheid. Simeon vrees God met alles wat hy is en het.

Sy Godsvrees blyk uit sy optrede. Die Here noem hom regverdig. Dit beteken: Simeon is ernstig oor die naleef en uitleef van God se wet, net soos Sagaria en Elisabet, die ouers van Johannes die Doper. Simeon is gebind aan die verbondswet van die troue Verbondsgod - daaruit blyk sy regverdigheid.

Hy leef nie by die wet soos wat die Fariseërs die volk leer nie. Vir hom is die uitleef van die wet geen saak van prestasie waarmee hy 'n plek in die hemel moet verdien nie. Hy dien God ooreenkomstig sy wet omdat hy God van harte liefhet, omdat hy weet dat die Here dit so wil hê. En daarby besef Simeon baie goed dat sy diens aan God nie naastenby perfek is nie. Die feit dat hy regverdig is maak hom nie sondeloos nie. Vandaar die volgende punt in sy getuigskrif: hy het die vertroosting van Israel verwag. Hy smag na die enigste ware troos in lewe en in sterwe.

Verstroosting van Israel

Oor die vertroosting van Israel het Jesaja breedvoerig geprofeteer met die oog op Israel wat in ballingskap sit en terugverlang na die beloofde land Kanaän (Jesaja 40): 'Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes'. Dié profesie van Jesaja het binne-in Simeon geleef. Hy het dit met hom saamgedra, dit dag en nag oordink. 'Troos, troos my volk, sê julle God' - dit het inhoud gegee aan sy toekomsverwachting. Waar sy landgenote 'n volksbevryder verwag het, het Simeon die vertroosting van Jerusalem verwag. Waar sy volksgenote ingestel is op politieke vryheid, is Simeon se hele wese ingestel op bevryding van sondeskuld voor God. Anders as die deursnit-Jood van sy tyd sien Simeon in dat politieke selfstandigheid sonder skuldvergifenis voor God niks beteken nie. Eers moet die vertikale regkom, dan volg die horisontale. In terme van Jesaja se profesie: eers betaling van sondeskuld, dan terugkeer uit ballingskap na Kanaän. Ware vryheid beteken dat die mens se sondes voor God bedek word. Daarsonder is vryheid skyn, geen ware vryheid nie.

Hierdie insig het Simeon nie aan homself te danke nie. Die laaste punt in die getuigskrif sê: die Heilige Gees was op hom. Simeon is vervul met die Heilige Gees, hy leef uit die krag van die Heilige Gees. Sy verwagting is 'n verwagting wat die Heilige Gees deur middel van die Ou Testamentiese profesie in hom werk en versterk. Daarom is dit nie horisontaal-aardsmenslik bedink en gerig nie. Sy verwagting is uit God en deur God en tot God.

Hedendaagse verwagting

Met die geboorte van Christus verwag Simeon dat die Here die skuld van sy volk gaan vergewe en dat die lewe van daaruit in sy volle lengte en breedte weer geheel sal word. Wat

verwag u met kersfees? Wat verwag u vir 2003? Wat verwag u vir uself, vir u huwelik, vir u gesin, vir die kerk van die Here, vir ons land Suid-Afrika? Watter ideale koester u, waarna streef u, wat vul u gedagtes? Wat beplan u vir die toekoms, waarheen mik u, waarvoor gaan dit vir u op die kort- en langtermyn?

Elke mens het sy verwagtings. Die vraag is: wat inspireer, wat dryf ons verwagtings? Wie menslik gedryf word, het mensgerigte verwagtings. Sulke verwagtings is baie keer donker. Vir Suid-Afrika word daar dan nie veel goeds verwag nie, vir die toekoms van 'n wankelende huwelik en gesinslewe ook nie. Bowendien is menslik aangedrewe verwagtings deurgaans mensgerig. Ek stry my stryd, ook al is dit ten koste van ander. Ek koester my ideale. Solank ek lekker kan kersfees vier, het ek geen saak met die res of met dit wat anderkant kersfees lê nie.

Hoe anders is die verwagting van die mens wat uit die krag van die Heilige Gees leef. Christus het gekom, en Hy kom weer. Sy koms en wederkoms bepaal al ons verwagtings. Omdat Hy gekom en vir ons sondeskuld gesterf het, hoef daar en mag daar geen donker verwagting by ons leef nie. Vanuit sy verlossing sal ons die nood in die persoonlike lewe en huwelikslewe en kerklike lewe met al sy vraagstukke aanspreek. Ons sal die goeie vir ons gebroke land bly verwag en aan daardie verwagting werk. En met die oog op Christus se wederkoms sal ons doelgerig ons Gees-geïnspireerde ideale bly koester en navolg. Ons sal voortgaan om ons roeping uit te leef, sonder om heeldag en aldag te sug en kla oor alles wat skeefloop.

Die eenvoudige man Simeon is te midde van kerklike verval deur die Heilige Gees vervul. Daarom kon hy die vertroosting van Israel verwag. Vandag word ons vervul met die Gees van die Christus van Betlehem. Wees dan Godgerig in u verwagtings! Bid dat die Heilige Gees u verwagtings sal rig ooreenkomstig die vaste beloftes van God se heilige evangelie.

Intensiteit

Bid ook dat die Gees van Christus u met die nodige intensiteit sal vervul. In die dae van Simeon was die Woord van die Here skaars, net soos in die rigtertyd. Omdat die volk hulle ore vir die Here toedruk, bly die profetiese Woord uit. Vierhonderd jaar van stilte is lank. Maar nou word die vier eeue van stilte gebreek. Hier en daar word die Woord weer gehoor. Sagaria ontvang 'n boodskap van die engel Gabriël in die tempel. Gabriël het ook 'n boodskap vir Josef en Maria. Simeon ontvang eweneens 'n openbaring van die Heilige Gees. Hoe die Heilige Gees die openbaring gegee het, word nie gesê nie. Ons weet wel wat Simeon gehoor het: hy sal die dood nie sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.

Hier word twee keer van 'sien' gepraat. Simeon sal eers die Christus, die Messias, die Gesalfde van die Here sien; dan sal hy die dood sien. 'n Mens kan dit vir jouself voorstel wat hierdie openbaring aan Simeon moes gedoen het. Hy is regverdig en Godvresend. Hy leef by God se verbondswette. Net so leef hy by God se verbondsbeloftes. Tegelyk is hy ten volle op hoogte van die werklike verloop van sake. Menslik gesproke is dit moeilik om te dink dat vierhonderd jaar van stilte ooit sal ophou. Wat word van God se beloftes? Wanneer breek die tyd van vertroosting aan? Hierdie vrae leef in sy gemoed.

En dan kry hy hierdie openbaring. Die belofte van vertroosting word nie net aan hom herhaal nie. Daar word 'n tyd van

vervulling aan gekoppel. Simeon, jy sal met jou eie oë sien wat God deur al die eeue beloof het. In jou leeftyd word die moederbelofte en al die ander beloftes wat daaruit voortspruit werklikheid!

Hierdie openbaring het die Messiasverwagting by Simeon hoog laat opvlam. Dit beheers sy lewe, sy doen en late. Elke oggend is dit die vraag waarmee hy opstaan: sal ek die Christus vandag sien? Omdat dit die vraag is wat sy lewe beheers, rig hy sy lewe dienooreenkomstig in. Die koms van Christus is nie 'n bykomstigheid in sy bestaan nie, dit is nie iets waaraan hy net so nou en dan dink nie. Christus se koms is die hooftema waar om alles in sy lewe draai. Dit plaas sy ganse bestaan onder hoogspanning. Dit wat hy beplan, die werk wat hy doen, die gesprekke wat hy voer - in alles sit hierdie intense verwagting opgesluit.

Gedeelde intensiteit

Hoe intens is ons verwagting? Daar het 2000 jaar verloop sedert Christus se eerste koms na die aarde. Sy wederkoms is op pad. Wanneer? - ons weet nie. Ons het nie soos Simeon 'n openbaring dat ons die Christus sal sien weerkom voordat ons die dood sal sien nie. Maar ons het wel 'n openbaring dat Hy kom. Ons weet ook dat Hy sal kom soos 'n dief in die nag - op 'n tyd wat ons dit nie verwag nie. Met die oog daarop plaas die Gees ons onder spanning. Die Gees laat ons die slotgebed van die Bybel bid: kom, Here Jesus, kom gou! Bid u dit? Leef u by daardie gebed? Beheers die beide komste van Christus - sy koms in Betlehem en sy wederkoms met die wolke van die hemel - u lewe? Is u intens daarmee besig?

Hierdie vrae is kritiek. Dit gebeur so maklik dat ons die koms van Christus uitskuif in ons gedagtes. Nee, ons skuif Hom nie heeltemal weg nie - ons glo immers! Maar wat kersfees betref: Hy word subtiel agtertoe geskuif agter die gesellige atmosfeer van die feesseisoen in. En wat die wederkoms betref - Hy word subtiel vorentoe geskuif, die toekoms in, daar op die horison. Eers moet hierdie ideale in my lewe werklikheid word - dan kan ek Christus verwag. Eers my werk, my familie, my sport, my studies, my projek - dan Christus se kerk. Eers my saak - dan Christus se saak.

Hoor die appèl wat die kersevangelië op ons maak. Om Christus te verwag beteken om in alles wat jy doen verlangend na Hom uit te sien. Jou saak moet Christus se saak wees, en Christus se saak jou saak. Jou werk, jou studies, jou projek, jou familiekuier, jou sport moet deur Christus se geboorte en verlossing en regering beheers wees. Alles wat jy doen moet jy in sy teenwoordigheid doen, anders moet jy dit laat. Dan verwag jy Hom.

Dink wat dit betref na oor die gelykenis van die vyf wyse en die vyf dwase meisies. Al tien het gewag. Vyf met olie in die lamp, vyf daarsonder. By vyf was die verwagting intens, dit beheers hulle bestaan. By die ander vyf was die verwagting op die agtergrond geskuif. Ons weet wat die uiteinde van daardie gelykenis vir ons leer. Vir wie die Christus-verwagting geen saak van hoogspanning is nie, word die deur na die hemelse koninkryk gesluit.

Aan die ander kant: salig is hulle wat Christus verwag in alles wat hulle doen. Vier so kersfees - die oog gevestig op dit wat gebeur het, en tegelyk op dit wat gaan gebeur. Verwag Christus se koms met 'n gelowige hart en Godvresende lewenswandel.

DIE VROU IN DIE KERK

Ds HJ Momberg, Pretoria

Tydens die jaarvergadering van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel wat gedurende Oktober 2002 gehou is, het ds Hennie Momberg 'n referaat gelewer oor die tema: Skrifgesag en Reformasie. Die ondertitel lui: Die posisie van die vrou in die kerk. Die referaat is vir *Waarheid en Dwaling* in 'n artikel omskep.

By die komende sinode in 2003 sal die posisie en taak van die vrou in die kerk weer aan die orde kom. Dié keer nie soseer om opnuut oor haar verkiesbaarheid tot die besondere ampte te besluit nie. Daaroor het vorige sinodes reeds helderheid verkry en die moontlikheid van ampsdiens afgewys. Aangaande die verslag wat moet dien, is opdrag gegee om – met inagneming van vorige sinodes se besluite – meer positief uiteen te sit wat die godvresende vrou se taak en plek in die kerk wél is.

Uit diskussies in tydskrifte die afgelope drie jaar blyk dit dat daar tog baie mense is wat nog die moontlikheid van die vrou se verkiesbaarheid tot die besondere ampte in diskussie wil hou.

Oor die plek en taak van die vrou in die kerk en samelewing is daar ook die afgelope 2 jaar 'n uitgebreide werkswinkel in Potchefstroom gehou.

Studiedeputate van die GKSA sal hieroor volledig rapport lewer in 2003. Dit is verder insiggewend om te weet dat die Christelik Gereformeerde Kerken in Nederland teen die einde van 2001 'n uitgebreide rapport oor dieselfde tema behandel het. Die detail daarvan is sedert die begin van 2002 in agtereenvolgende uitgawes van die tydskrif *De Wekker* bespreek. Nadere kennisname van hierdie literatuur (komende uit die kerkverband met wie ons die langste en innigste in kerklike korrespondensie staan) behoort sinodegangers behulpsaam te wees in besluitneming vir 2003.

(Die besluit kan gevind word op die webwerf: <http://www.cgk.nl/synode/Besluiten%20synode2001.htm>, onder punt 9.28)

Die tema van hierdie artikel wil egter die klem op iets anders lê. Dit kan miskien ten beste met 'n soekvraag geformuleer word: Wat kan vasgestel word aangaande die beskuldiging wat reeds uit verskeie oorde gemaak is dat in die GKSA versigtige Skrifkritiek aanwesig is en geduld word? Dan wil hierdie tema nog verder die vraag afbaken om te soek of sodanige tendense spesifiek met betrekking tot die taak en plek van die vrou in die kerk aanwesig is. En dan sekerlik die moeilikste vraag: Hoe behoort die pad van Reformasie in hierdie saak in die toekoms daar uit te sien?

Dit is belangrik dat ons in die vasstelling van sake eers die korrekte vertrekpunt moet vasstel. So 'n goeie vertrekpunt is die lofwaardige verantwoording wat die studiedeputate van Sinode 1988 as bylae ingehandig het. Op grond daarvan het hulle gevolgtrekkings uit die Skrif ten aansien van die vrou se taak en plek in die kerk gemaak, wat ook later die besluit van die sinode geword het. Ons kan hierdie rapport as 'n goeie vertrekpunt neem omdat dit ten minste 'n amptelike dokument is waaroor daar by die GKSA eenstemmigheid behoort te wees. Trouens, met hierdie amptelike dokument het die deputate vir skakeling met kerke in die buiteland asook binnelands tot onlangs nog die standpunt van die GKSA aangevoer en verdedig.

Sedert dié Sinode van 1988 het Klassis Boland met 'n gewraakte

skrifkritiese aanslag gepoog om die sinode van die teendeel oor die posisie van die vrou te oortuig. Die Sinode het die aanslag egter in 1994 afgeweer, en in 'n ope brief aan Klassis Boland is hulle Skrifkritiek grondig weerlê¹. Daar het ook opsienbare publikasies verskyn waarin Gereformeerde teoloë uitsprake gemaak het wat presies beantwoord aan die bepaalde definiërings wat die studiedeputate van 1988 as dwalings afgewys het. Hierop moet ons pertinent ingaan. In openbare debattering in tydskrifte asook in amptelike verantwoordings wat ons deputate insake ekumeniese betrekkings oor die aanklag van beweerde skrifkritiese neigings binne die Gereformeerde Kerke gemaak het, is die bewerings afgemaak as bloot verskillende eksegetiese konklusies en dat die klaers hulle met vlieëvangery besig hou. Ons sal maar moet sien of dit inderdaad net gewoon geldige eksegetiese verskille is, al dan nie.

Skrifkritiek – 'n definisie

Laat ons eers poog om Skrifkritiek gedefinieer te kry.

Die herkenningstekens van die motiewe wat agter die Skrifkritiek verborge lê, kan kortliks gestel word:

In plaas van met 'n houding van gehoorsaamheid na die Skrif te gaan en oop-ontvanklik te vra: 'Wat wil U hê, Here, moet ek doen?', word die saak omgedraai: 'Ek wil graag iets doen, ek het my agenda, en hoe kan ek die Woord manipuleer totdat ek geregverdig het dat ek maar kan doen wat ek wil?'

Die vertrekpunt van argumentasie by die skrifkritiek is (pro of kontra) ons menslike kontekste. Dan vind die navorsers dit moeilik om hulle waarneming van die menslike kontekste te rym met die Woord van God. Uiteindelik ontwikkel hulle uit die Skrif een of ander humanitêre teologiese denksisteem wat (hetsy om te handhaaf, hetsy om te verander) niks anders is as 'n refleksie van hulle eie aspirasies nie.

Iemand pleeg die misdaad van Skrifkritiek wanneer (soos Sinode 1988 aanvaar het, en hier in eie woorde opgesom):

- Op enige wyse gepoog word om te misken dat enige deel van die Bybel tesame met die hele res van die Bybel, en dit alleen, in die wesensaard en oorsprong daarvan God se Woord is en daarom Goddelik gesagvol is.
- Op enige wyse gepoog word om die wyse waarop God by die optekening van sy Woord van mense en menslike omstandighede gebruik gemaak het, die Goddelikheid van sy Woord ongedaan te probeer maak.
- Op enige wyse gepoog word om die geldigheid van God se Woord vir alle mense van alle tye te misken.

Op bogenoemde drie kersake gaan die uiteensetting van die deputate 1988 in. Onder hierdie drie is daar dan verskeie aanwysings, spesifiek met betrekking tot die taak en plek van

¹ JG Meijer, 1995. U kneg hoor: ope brief aan Klassis Boland.

die vrou in die kerk. Afwykings word telkens aangetoon en regstreeks afgewys. Dit kan ook aanvaar word. So het die deputaterapport dit ook telkens aangedui dat die afwykings daarvan onaanvaarbare Skrifhantering (*Skrifkritiek? HLJM*) is.

Openlike verklaring

'n Onlangse openlike verklaring van die teologiese professore van Potchefstroom het beoog om oor spesifieke sake rakende die jongste tendense te getuig. Hulle het die Bybelse leer aangaande die historiese Jesus opnuut bely. Maar hulle het daarmee saam ook hulle beskouing van die Skrif uiteengesit (kyk by www.gksa.org.za). Daarin kom twee besondere uitsprake na vore wat verdere besinning vra:

- Dat die Bybel in historiese kontekste geskryf is en daarom in nuwe kontekste toegepas moet word.
- Dat die Bybel primêr deur homself verklaar moet word.

Wat die eerste punt betref is dit 'n wesentlik gevaarlike uitlating wanneer dit ongekwalifiseerd verstaan word. Selfs die mees verdagte skrifkritikus sal met so 'n uitspraak kan instem. Daar moet met besondere toespitsing presies afgebaken word dat hier nie 'n verdediging van die kontekstuele teologie bedoel word nie, maar - soos wat prof van Wyk self dit nodig geag het in 'n artikel oor dieselfde tema in *Die Kerkblad* - om dit te kwalifiseer dat die Skrif nog altyd weer die situasie dikteer en nie andersom nie.

Wat die tweede punt betref is dit 'n ongelukkige formulering met 'n baie gevaarlike betekenis. Want 'primêr' is 'n orde-woord. Na 'primêr' kom noodwendig sekondêr en tersiêr, ensovoorts. Dan bestaan die gevaar dat ons vir sover ons dit kan sien eerstens van die Skrif self gebruik maak om die betekenis van die teks te definieer. As vir ons gevoel die primêre Bron dan uitgeput is, kan ons maar na die sekondêre en ander bronne gaan. Tog is dit nie wat mag nie. Greijdanus het al in sy '*Schriftbeginnselen ter Schriftverklaring*' (1946:145) geskryf: '*Sacra Scriptura supremus* (LW: nie 'primus' nie HLJM) *index controversiarum est*' (die Heilige Skrif is die allerhoogste, absolute regter oor leer- of waarheidsgeskillen). Dit bly die eintlike gereformeerde standpunt dat die Bybelteks in samehang met die hele Bybel self sy betekenis definieer. Daarna word ander bronne benut om die reeds gedefinieerde betekenis van die teks te verhelder. Dit is wat die gereformeerde slagspreuke '*sola sacra scriptura*' asook '*sacra scriptura sui ipsius interpret*' impliseer.

EKSEGESE OF SKRIFKRITIEK?

'n Vergelykende studie uit verskillende dokumente wat sedert 1988 uit die penne of monde van persone uit die GKSA gekom het, plaas ons in 'n posisie om vas te stel of ons maar net gewoon met verskillende eksegetiese standpunte te doen het, of dalk met naakte skrifkritiek. Telkens, na klagtes oor skrifkritiek, het deputate gepleit dat daar met bewyse na vore gekom moet word. Hierdie artikel gaan dan nou sover om aanhalings te verskaf wat teenoor die deputaterapport van 1988 oorweeg kan word.

Die Bybel is die Woord van God

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan geskrywe: 'Ons bely in artikels 3, 4 en 5 van die NGB dat die Bybel die Woord van God is. Wie konsekwent die Bybel as Woord van God bely, handhaaf 'n bepaalde siening oor die aard, omvang en

basis van die gesag van die Bybel, en ook oor die eenheidskarakter van die Bybel'.

Toegepas op die plek van die vrou in die Kerk: Die 'neutrale' benadering lê ten grondslag van Gerlings (s.j.:142) se 'verwerping' van 1 Korintiërs 11:1-10 as *blote opinie van Paulus*^{2*}, want 'in de eerste tien verzen is hij 'pur sang' jood, in vers 11 en 12 spreekt de christen'. Volgens Gerlings spreek Paulus dus in verse 1-10 nie onder Goddelike inspirasie met gesag van God nie, maar hy spreek *bloot sy eie opinie** uit, wat deur sy eie ervaringswêreld gevorm is. Van hierdie selfde verse sê Wijngaards (*Vrouwen geen priester?*, p.63): 'Paulus slaat hier de plank mis ... hij schaatst op dun ijs en het zou oneerlijk tegenover hem zijn en theologisch onjuist om zijn argument als ernstig op te nemen. Wij kunnen hoogstens zeggen dat Paulus in zijn redenering nog doordrongen is van de joodse sociale mythe van mannelijke overheersing'.

Wie van die onfeilbare Goddelike gesag van die Bybel uitgaan, kan nie Gerlings en Wijngaard se verklaring van 1 Korintiërs 11 onderskryf nie. 1 Korintiërs 11 spreek, soos elke ander Skrifgedeelte, met gesag van God – natuurlik toegespits op die besondere situasie in Korinte.*

Dr Elma M. Cornelius, 'n bekende wetenskaplike in die GKSA skryf hierteenoor (*In die Skriflig* 34(3) 2000:373-382): 'I am of the opinion that the androcentric language used in 1 Thessalonians could have had a potential to create questions in ancient women's (and men's) minds about justice, God's love, and women's future in God's Kingdom. This letter might have been to the service of sexism. *The author's use** of androcentric language in a context where God is supposed to remove all injustice, and especially when compared to Jesus's reaction to the social conventions of his day, might have brought *doubt about the ethics of this spokesman of God**.

How ethical is the author's use of language in 1 Thessalonians? *Does he possibly use language to promote an unaccepted value in society?** Smith (1995:103-106) evaluates the text of 1 Thessalonians and discusses the plusses and minuses of the ideological framework of this ancient text in the light of the current sensibilities shaped by the geopolitical shifts and changing intellectual paradigms. And according to him, this text of 1 Thessalonians is problematic for our times, because of the patriarchal nature of the consolatory genre *which the author employs**. *The author constructs** stability and maturity in 'androcentric terms'. Within this tradition, men were idealized. Weakness, grieving and lack of self-control, against which men are warned, were regarded to be the attributes of women.'

Die gesag van die Bybel

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan oor die basis van die gesag van die Bybel geskrywe: 'Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Indien die mens se konkrete situasie dikteer wat in die Bybel relevant is en wat nie, word alle Skrifuitsprake rakende die vrou in die kerk beoordeel vanuit die huidige stand van die sogenaamde emansipasie van die vrou. Die argument sou dan wees: In die sekulêre samelewing betree die vrou vandag feitlik elke gebied wat vroeër vir die man gereserveer was: sy het stemreg net soos die man; sy beklee dieselfde beroep as die man, ensovoorts. Hierin het

2 Beklemtonings deur ds Momberg ingevoeg (*).

die kerk agtergebly, word gesê. Ten einde 'n diskrepansie tussen die vrou se posisie in die kerk en in die samelewing te voorkom, moet die kerk nou in pas kom met die veranderde omstandighede in die wêreld. Skrifuitsprake wat beperkings op die posisie van die vrou in die kerk sou oplê, het nou irrelevant geraak, want die situasie het verander. Hierteenoor handhaaf ons (GKSA HLJM) dat die mens se eie situasie nie mag dikteer watter sake in die Bybel relevant is en watter nie (vgl. Den Boer, 1985:27). De Vries (1985:5) stel dit so: 'De Christelike kerk mag niet terugdeinzen voor het innemen van een positie die dwars tegen de geest van de tijd ingaat'.

Hierteenoor skryf dr Elma M. Cornelius (*In die Skriflig* 34(3) 2000:373-382): 'Stambaugh and Balch (1986:104) and Torjesen (1995:6) refer to Jesus's unconventional social relationships. Torjesen writes about Jesus who challenged the social conventions of his day: He addressed women as equals, bestowed honour and recognition to children, championed the poor and the outcast, ate and mingled with people across all class and gender lines, and attacked the social bonds that held together the patriarchal family (Torjesen, 1995:4). One has to ask: *Why did the author of 1 Thessalonians not challenge the social conventions of his day?** Why did he keep on neglecting to address women? Why did he not include all people across the gender lines? Why did he not attack the social bonds that held together the patriarchal family?

Is the kind of language the author uses in 1 Thessalonians an expression of his opinion founded on patriarchal prejudice?* Was it rabbinic conservatism? I would say that there is a possibility that the author of 1 Thessalonians was careful not to raise a struggle by using including language within domains where women were not included. His argument could be that he wants to focus on other issues and that he would rather do it in a peaceful context. Within the patriarchal culture the author of 1 Thessalonians seems to use gender-inclusive language to address the Thessalonian church - and women were possibly included in the author's address. If this hypothesis is acceptable, this would imply that women were only limited in 1 Thessalonians because of the prescriptions of a patriarchal culture in an ancient society*.

Would this mean that in modern societies the church will have to rethink its prescriptions of the roles of women in the church?* In the next section the implications of this situation for contemporary South African women will be discussed.

Implications for South African women today

In theory, women in South Africa are no longer restricted by gender with regard to their roles in society*. It is stated in the Constitution (chapter 2, article 9, paragraph 3) that the state may not discriminate against anyone on the grounds of gender. In practice, however, society is slow in its process to develop in this regard. Women are, however, restricted by gender with regard to their roles in the Christian church* - in some churches only in practice, in other churches also in theory. The question is whether one can consider the view of the church on this issue to be a Biblical view. One cannot escape the further question whether the church restricts women's roles in church today, not because of a Biblical view of women, but because of our negligence to let the Word of God speak to women in our societies.

In the light of the argument of this article and in light of the most acceptable hypothesis and explanation for Paul's use of

androcentric language in 1 Thessalonians, we should reconsider women's roles in the church. If the ancient patriarchal culture guided Paul's use of gender-inclusive language in 1 Thessalonians, the present changed attitude towards women in societies must have an influence on our interpretations of Paul's view of women's roles in the church*. I consider the starting point to be a fresh interpretation and translation of 1 Thessalonians (and the rest of the New Testament) in which women are addressed and considered to be an active part of God's church. If this is not done, it would mean that the Christian church in South Africa is a mere spectator while modern women are disempowered by an ancient system. And this situation is inexcusable. The Christian church has a responsibility to partake in the dialogue on this issue.

Conclusion

In this article it was indicated that women are not formally addressed in 1 Thessalonians and that androcentric language is used. The issue highlighted was whether the author of 1 Thessalonians uses sexist-exclusive language - thus gender-specific language or gender-inclusive language in a patriarchal culture. The following conclusions were made:

- The author seems to use androcentric language in 1 Thessalonians possibly as a result of the prescriptions of a patriarchal culture.
- In the light of a changed attitude towards women in our modern society, translators and interpreters of the New Testament need to consider a fresh interpretation and translation of 1 Thessalonians (and the rest of the New Testament) in which women are addressed and considered to be an active part of God's church.'

The church further needs to reconsider its prescriptions of the roles of women in the church.

Die eenheid van die Bybel

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan onder die opskrif 'Die eenheid van die Skrif' geskrywe: *Sacra scriptura sui ipsius interpres* - Skrif-met-Skrif-vergelyking.

Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Die reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking noop die eksegeet om byvoorbeeld nie slegs 1 Korintiërs 14:34 en 1 Timoteus 2:12 in isolasie 'uitspraak te laat gee' oor die plek van die vrou in die kerk (dat sy moet swyg!) nie, maar om ook met ander Skrifuitsprake, byvoorbeeld Galasiërs 3:28 rekening te hou. (Dit is na ons mening dus van kardinale belang dat die res van die Skrif gebruik moet word om die basisbetekenis van 'n bepaalde Skrifgedeelte te bepaal, en nié buitebybelse gegewens nie – HLJM).

Prof Fika J van Rensburg skryf hierteenoor in 'n artikel in *In die Skriflig* (32(1) 1998:69-84) oor die relevansie van Galasiërs 3:28 vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing. Vir die verklaring van die teks plaas hy agtereenvolgens en sonder enige onderskeid van gesag:

- a) die 'tekstuele konteks' (p 70-73),
- b) die 'intertekstuele konteks, tekste elders in die Nuwe Testament' (p 73-74),
- c) 'Buite-Bybelse tekste' (p 74-75),
- d) die 'Buite-tekstuele konteks' (p 75 vv) met 'n 'sosiologies-teoretiese verantwoording'

naas mekaar om ten slotte tot 'n hermeneutiese verantwoording

te kom (p 81–83), wat eindig met ‘n gedagte waar die teks self bykans nie meer herken word nie.

Hy verwoord sy slotgedagte soos volg: ‘Christen-wees in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing moet daarom ook blyk uit die daaglikse wisselwerking tussen mense wat bogenoemde vervreemdingsbelewensisse asook destabilisasie en ontwrigting teëwerk. Soos die eerste Christene moet hedendaagse Christen-Suid-Afrikaners nie in die eerste plek poog om sosiale, kulturele en strukturele verskille te negeer nie. Hulle houdings en gedrag tydens daaglikse wisselwerking teenoor die *minderes* in die eie en ander kulture moet egter totaal verskillend wees van dié van nie-Christene. Christus se voorbeeld moet dus nageleef word.’

Vervolgens: Op die skerp punt van teenstrydigheid stel prof Janse van Rensburg sy saak oor die vrou tydens die werkswinkel te Potchefstroom (2000–2001) wat hy self soos volg opsom: ‘The point in case is (a) the full liberation from and end to gender discrimination (Gal 3:28), *over against** (b) the limitations put on female believers (the exhortation to remain silent: 1 Cor 14:33-35; the prohibition to teach: 1 Tim 2:11).’

Bogenoemde *point in case* is lynreg in stryd met wat Sinode 1988 bevind het, naamlik dat Galasiërs 3:28 nie los van ander tekste soos 1 Korintiërs 14:33–35 en 1 Timoteus 2:11 nie, maar in samehang met mekaar verstaan moet word.

Dr Wim Vergeer in *Die Bybellennium* gaan sover om in die verklaring van 1 Timoteus 3 die betekenis van die teks nie uit sy tekstuele konteks nader te verklaar nie, maar te veto met gebruikmaking van ‘n soortgelyke interpretasie van Galasiërs 3:28 van prof Van Rensburg. Hy skryf met betrekking tot 1 Timoteus 2:9-15 op p 1635: ‘Hoe vrouens hulle behoort te gedra. Die voorskrifte in hierdie gedeelte is al tot verontregting van baie gelowige vroue ernstig *misverstaan*. Dit is glad nie Paulus se doel om hier wette neer te lê vir alle gelowige vroue in alle gemeentes deur al die eeue nie. Paulus wil eenvoudig aantoon hoe die vroue van Efese ‘n bydrae kan lewer tot die rustige en stil lewe in Efese (2:2). Hierdie rustige en stil lewe is die getuienis van die herstelde verhouding met God wat in die Efese van ongeveer 63 nC vertoon moet word, sodat mense gered kan word. Dit gaan oor hoe die gelowige vroue van Efese, op ‘n manier wat deur die mede-inwoners van Efese verstaan sal word, met hulle gedrag *openlik* kan *bely dat hulle God dien* (2:10). Die *destydse persepsies* oor die vrou speel dus die deurslaggewende rol in die verstaan van hierdie voorskrifte. Vroue in Efese en die destydse wêreld het nie algemeen in die openbaar verskyn nie. Hulle moes tuis bly en het bykans geen formele onderrig ontvang nie. Huwelike is dikwels vooraf gereël en vroue se belangrikste taak was moederskap. Vroue is nie in eie reg as die gelyke van die man erken nie en was feitlik hulle hele lewe onder die gesag van ‘n man. Wanneer die posisie van vroue in die algemeen vergelyk word met uitsprake wat Paulus oor vroue maak, is die verskille nie net opvallend nie, maar eenvoudig revolusionêr:

- In sy briewe noem hy baie vroue (met groot lof) by die naam (vergelyk Romeine 16; Filippense 4; 2 Timoteus 1; Filemon).
- Vroue word bykans op alle vlakke in diens van die evangelie ingespan (vergelyk Romeine 16:1-3; Filippense 4:3; 1 Timoteus 5:9-10,16).
- Paulus beklemtoon dat mans en vroue in Christus gelyk is (Galasiërs 3:28).

Bogenoemde standpunt word deur die deputaterapport 1988 weerlê waar dit stel (2.1.2.1): ‘Verskeidenheid in diens van

meer volledigheid. Uitgaande van hierdie beskouing moet die eksegeet wat wil vasstel wat die Skrif oor ‘n bepaalde saak sê, nie selektief met Skrifuitsprake te werk gaan nie, maar hy moet die saak besien in die lig van elke Skrifuitspraak wat met die saak verband hou. ‘n Verklaring wat die ‘botsing’ tussen skynbaar teenstrydige Skrifuitsprake uit die weg ruim, moet verkies word. Waar ‘botsings’ nie uit die weg geruim kan word nie, diskrediteer dit nie een of meer Skrifuitsprake nie, maar onderstreep dit ons eie gebrek aan insig’.

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan verder geskrywe (1.3.1.2): ‘Die Skrif getrou aan God. Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Ook ten opsigte van die oënskynlike teenstrydigheid tussen enersyds 1 Timoteus 2 (die vrou moet swyg) en andersyds 1 Korintiërs 11:5 (vroue wat bid en profeteer) moet rekening gehou word met die waarskynlikheid dat die twee uitsprake bloot verskillende perspektiewe op dieselfde saak bied, wat ons nader bring aan die ‘volle waarheid’ oor die plek van die vrou in die kerk’.

Dit is daarom myns insiens (HLJM) noodsaaklik dat die skrifgedeeltes gesagvol naas mekaar geneem word en nie as enkel-fragmente in onafhanklike betekenis nie – beperk tot wat ‘moontlik’ die kultuur-historiese agtergrond daarvan sou kon wees nie.

Dr Vergeer skryf hierteenoor by sy verklaring van 1 Timoteus 2 in die *Bybellennium* (p 1635-6): ‘Dit blyk dus dat, alhoewel Paulus van meet af die (in Christus) herstelde posisie van die vrou leer, hy nie wil hê dat die inwoners van Efese die indruk kry dat Christene die *sosiale orde wil ondermyn* nie. Dit sou die christene se vermoë om rustig en stil te lewe, as getuienis van die herstelde verhouding met Christus, ernstig benadeel’.

Bogenoemde redenering hou nie genoeg rekening daarmee dat Paulus in sy verskillende briewe dikwels die gelowiges opskerp om teen teenstand in en selfs onder vervolging aan Christus getrou te bly nie. Verder word ook nie genoeg daarmee rekening gehou dat Paulus se briewe in die verskillende gemeentes gelees is en selfs dikwels deur homself so bedoel was om in al die gemeentes te lees. Daarom is dit onverantwoordelike eksegeese om nie ook sy skrywes in ander briewe in berekening te bring by die verstaan van sy opdragte in hierdie een nie.

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan geskrywe: Selfs in die voortgang van die Godsopenbaring van die Ou Testament na die Nuwe Testament is daar ‘n konstante openbaringslyn. Die Ou-Testamentiese dinge kom in Christus tot vervulling. Maar let wel: Christus hef die Ou-Testamentiese uitsprake nie op nie – Hy gee slegs volle betekenis daaraan. Ou-Testamentiese uitsprake word opgehef slegs daar waar die Skrif self (byvoorbeeld kultiese) sake ophef (Den Boer, 1985:27). Vanuit die erkenning van die getrouheid van die Skrif volg dat die eksegeet nie ‘n Skrifuitspraak mag ophef tensy ‘n latere uitspraak van die Skrif self die vroeëre ophef nie.

Vanaf die duidelike na die minder duidelike

Die Deputaterapport vir Sinode 1988 (1.3.1.3) spreek hom duidelik uit oor hierdie bekende hermeneutiese reël: ‘Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Die ‘moeilike teenstrydigheid’ tussen 1 Korintiërs 11:5 (vroue mag bid of profeteer) en 1 Korintiërs 14:24 (vroue moet swyg), moet verklaar word vanuit makliker en meer prinsipiële uitsprake oor die verhouding tussen man en vrou soos byvoorbeeld dié in 1 Korintiërs 11:13

- 'Die man is die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus'.

Dr Vergeer en prof Van Rensburg lewer in hulle verklaring van die betrokke tekste in *Die Bybel in praktyk* en *Die Bybellennium* onderskeidelik sterk uitsprake waarmee hulle die apostel se opdragte wegredeneer of selfs ignoreer en opponeer - soos blyk uit vorige aanhalings uit hulle geskrifte. Die belangrike werklikheid moet steeds in berekening gebring word dat hoewel ons nou reeds die heerlike verlossing in Christus ontvang het, dit nogtans 'n werklikheid is dat ons nog nie in die volmaaktheid van hierdie verlossing is nie. Daarom beroep die Apostel in sy begroning van sy voorskrifte homself tegelyk op die skeppingsgeskiedenis sowel as die sondevalsgeskiedenis. Die feit dat die apostel die besondere tekste ter sprake juis grond op die skeppingsgeskiedenis en die sondevalsgeskiedenis, word deur die genoemde wetenskaplikes gewoon verbygegaan of andersins met 'n tipe volstreekte verlossingsleer (donatisme?) geveto wat nie die werklikheid van die 'reeds en nog-nie' van ons huidige bedeling erken nie.

Verskeie teologieë in die Bybel?

In die Deputaterapport Sinode 1988 (1.3.2) word die volgende beskouing van die Bybel afdag: 'Dat die Bybelse geskrifte geïsoleer van mekaar bestaan, elk met sy eie 'teologie oor Jesus'. Hierdie beskouing bevraagteken die eenheid van die Skrif, en beskou die skrywers van die Bybelse geskrifte, veral die van die Nuwe Testament, elk as 'n skeppende teoloog in eie reg. Die gevolg sou dan wees dat ons 'n 'teologie van Paulus' en 'n 'teologie van Johannes', ensovoorts voor ons het, wat elk onafhanklik van die ander staan. Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Tetlow (soos aangehaal deur Den Boer, 1985:33) skryf: 'Each writer or redactor had his own theological and cultural attitudes toward the position and role of women in the Church and in secular society'. Tetlow onderskei tussen die ou Jahwistiese tradisie van Genesis 2 en 3, waarvolgens die vrou laaste geskape is en eerste gesondig het (met die latere Pauliniese interpretasie van die vrou wat ondergeskik aan die man is en die bron van sonde en kwaad), en 'n latere priester-tradisie, waarvan spore in Genesis 1 te vinde is, waarvolgens man en vrou tegelyk en gelyk geskape is (Den Boer, 1985:32). Dit is wel so dat die openbaringshistoriese lyn in die Skrif in die loop van die geskiedenis al duideliker word, maar dit is iets totaal anders as om die Bybel in 'n variasie van teologieë te verdeel. *Wie sekere Skrifuitsprake oor die plek van die vrou sou diskrediteer as produkte van die teologieë van bepaalde skrywers, tas die eenheidskarakter van die Skrif direk aan**. Die verskillende Bybelskrywers en redaktors het nooit as skeppende teoloë opgetree nie – hulle het nooit sonder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf nie.

Hierteenoor staan 'n verslag van 'n voordrag van dr Elma Cornelius wat sy tydens die werkswinkel oor die vrou te Potchefstroom gelewer het: 'Elma Cornelius (May 2001), in her paper *Patriarchy and the New Testament*, argues that in ancient times Plato and Aristotle provided us with two examples of gender theory. Aristotle's notion of natural order pre-lects a woman's role through recourse to her nature as natural subject - women are then the natural and biological inferiors of the patriarchal male. Plato, on the other hand, saw gender roles as flexible social constructions. It seems as if Aristotle's view played an important role in the way many understood

and still understand the nature and roles of women. If gender theory is based on the difference between men and women, in other words, following Aristotle, one ends up in patriarchy. For a long time modern researchers accepted that patriarchy was the only social organization in the ancient world. It seems, however, from new research, that Plato's view did not fall on deaf ears. In ancient society there were contradictory forces at work – therefore the position of women and the social attitude towards her were correspondingly diverse. Cornelius contends that we are thus confronted by two opposite major social organizations in ancient society. *The focus of her paper is to determine in what respects the New Testament is partaking in the patriarchal views of antiquity, and in what respects it is diametrically opposed to it**.

Die Bybel is God se Woord vir en deur mense

In die Deputaterapport Sinode 1988 (punt 2) staan geskrywe: 'Ons bely in artikel 3 van die NGB dat God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels (= die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe) beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel. Hieruit is dit duidelik dat God sy Woord vir mense ('... vir ons en ons saligheid ...') deur mense ('sy knegte, die profete en die apostels') laat boekstaaf het ('... beveel om op skrif te stel'). Deur dit te bely, erken ons dat die Bybel betrokke is by die menslike situasie van plek en tyd. Omdat God sy Woord deur mense laat boekstaaf het, erken ons die verskeidenheidskarakter van die Skrif; omdat God sy Woord vir mense laat boekstaaf het, erken ons die tydgerigheid van die Skrif en die deursigtigheid van die Skrif.

Hierteenoor staan 'n verslag van 'n voordrag van prof Fika Jansse van Rensburg wat hy te Potchefstroom tydens die werkswinkel oor die vrou gelewer het: 'A paper on *Important hermeneutical presuppositions when interpreting the Bible on gender issues* was read by Fika J van Rensburg (May 2001). His point of departure is the acknowledgement of the authority of Scripture. He argued that this acknowledgement is being threatened equally from two fronts: Higher Criticism, and Fundamentalism. The Holy Spirit is the actual author of the Bible, and the analogy of Scripture must therefore be kept in mind. Where the Bible seems to contradict itself, the problem lies with the interpreter and not the Bible. The point in case is (a) the full liberation from and end to gender discrimination (Gal 3:28), over against (b) the limitations put on female believers (the exhortation to remain silent: 1 Cor 14:33-35; the prohibition to teach: 1 Tim 2:11).

The Bible, argues Van Rensburg, is God's Word for and through humans. The variety of books, written at different times and by different authors, and in many cases being the product of a developmental process testifies to the fact that the Bible came about *through humans*. The fact that the books are not timeless, but directed towards a specific time and situation, often addressing a very specific issue, indicates that the Bible is intended *for humans*.

The Bible is the eternal and forever valid Word of God. The Bible is time-addressed, but not time-bound. Scripture portions can be identified as time-bound only when Scripture itself clearly indicates it, such as the Scripture portions with the codes for slaves (Eph 6:5-9; Col 3:22-4:1; 1 Pet 2:18-25). The Scripture portions limiting the role and function of female believers can be divided into two categories: (a) those with a

clear indication of the fact that they are time-bound (head covering by female believers: 1 Cor 11:2-16; and the 'remain silent' exhortation: 1 Cor 14:33-35). In the case of the prohibition to teach (1 Tim 2:11) there is (b) no such indication, and therefore caution is necessary. Nevertheless, his own approximation is: *It is not scripturally valid to make any distinction between the status and/or function of individual believers on gender grounds*'.

Die ongeldige afleiding wat hier gemaak word, is dat bepaalde skrifgedeeltes met die gedragskodes vir slawe deur die Skrif self aangedui sou wees as 'slegs tydgebonde'. Dit is hoege-naamd nie uitgemaak dat slawerny - al is dit in 'n ergereduseerde vorm, en binne 'n ander sosiale orde as die klasstelsel van voor die 17e eeu - nie vandag meer bestaan nie, of dat die skrifgedeeltes soos dit betrekking het op die werknemer-werkgewer verhouding nie meer geldig is nie.

Soortgelyk is dit met die skrifgedeeltes oor die hoofbedekking (1 Korintiërs 11:2-16) asook die swyggebod (1 Korintiërs 14:33-35) vir vroue, wat deur die bogenoemde wetenskaplike duidelik as alleen-tydgebonde uitgewys word. Daar is egter op geen manier aangewys waar en hoe die Skrif self hierdie kodes ophef nie. Alleen maar argumente wat die wetenskaplike self uit historiese gegewens buite die Skrif uitsoek, bring hom tot sodanige gevolgtrekking.

In die Deputaterraapport Sinode 1988 (2.1.2.2) word bogenoemde gevolgtrekking ook weerlê met die argument: 'Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Al die Skrifuitsprake wat op die plek van die vrou in die kerk betrekking het, moet op so 'n wyse verdiskonteer word dat hulle nie teenoor mekaar as botsende uitsprake te staan kom nie, maar langs mekaar as aanvullende uitsprake'. Verder mag sommige tersaaklike uitsprake nie geïgnoreer word of gediskwalifiseer word sonder dat die Skrif self dit toelaat nie. Van der Walt (1987:26) pas 1 Kor 11:10 byvoorbeeld nie in by wat die Bybel elders oor die gesag van die man oor die vrou sê nie. Daarom is sy oplossing: 'Hierdie Skrifgedeeltes is so moeilik om te verklaar dat dit alle kommentators laat kleitrap, sodat ons dit ook maar liever daar laat'.

Openbaringshistoriese lyn

In die Deputaterraapport Sinode 1988 (2.1.3) word die volgende gestel oor die duidelikwordende openbaringshistoriese lyn in die Skrif: 'Ook ten opsigte van die openbaringshistoriese situasie van elke Skrifwoord is daar 'n verskeidenheid in die Skrif. Dit het God behaag om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis algaande al duideliker te openbaar. Hierdie uitgangspunt verbied die eksegeet om byvoorbeeld 'n teks in Genesis en 'n teks in Romeine sommer so gelykgeldend langs mekaar te stel (Coetzee e.a., 1980:28). Die latere woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak is altyd verklarend ten opsigte van die voorafgaande.

Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Ook ten opsigte van die plek van die vrou in die kerk word die Skrifopenbaring al duideliker ontplooi. Aan die begin het die kerklike instituut 'n 'bou'-stadium deurgegaan. Die huis was nie onmiddellik betrek nie. In die eerste hoofstukke van Handeling lees ons net van die amp van die apostel; later volg die diakenamp, en nog later lees ons van ouderlinge; eers in die pastorale briewe (Paulus se laaste briewe) word daar uitdruklik na die Woordbedienaar verwys (1 Timoteus 5:17 - 'die ouderlinge wat in

woord en leer arbeid'). Terwyl die onderskeie dienste in die vroeë gemeentes besig was om te ontplooi, het die klem dikwels meer op die charisma geval as op die amp (Kok, 1915:38). Gevolglik is 'nie-amptelik' arbeid verrig wat later in die Skrif aan bepaalde ampte verbind is. In die lig hiervan moet die eksegeet byvoorbeeld versigtig wees om gevolgtrekkings te maak op grond van byvoorbeeld Romeine 16:1 (die diakones Fébé) sonder die lig van latere Skrifuitsprake (byvoorbeeld 1 Timoteus 2).

Die volgende standpunt word egter afgewys: Dat die Bybel maar net 'n 'greep' uit 'n 'ontwikkelende' lyn van openbaring bied. Volgens hierdie standpunt toon die Bybel maar net hoedat die kerk op daardie stadium van ontwikkeling gedink en daar uitgesien het. Hierdie beskouing word afgewys omdat dit op die gedagte van 'n oop kanon berus en in stryd is met die leer van die volkomenheid van die Heilige Skrif (NGB, artikel 7).

Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Gerling (s.j.:157) is van mening dat die uitsprake in 1 Korintiërs 11 en 1 Timoteus 2 nog in wording was. In die proses van ontstaan van die amp was dit dan nodig om, ter wille van noodsaaklike aansluiting by sedes en gewoontes, die regte van vroue in sekere gemeentes in te perk. Hieruit volg dan dat die beperkings in later (na-Bybelse) tye, toe die amp sy beslag gekry het, oorbodig geword het'.

Dr Wim Vergeer skryf hierteenoor in *Die Bybellennium* by 1 Timoteus 2:9-15 (p 1636): 'Hier leer jy nou om as Christenleier rekening te hou met die *persepsies van die samelewing* waarin God jou roep. Jou doel is nie om ontsteltenis te veroorsaak nie, maar om 'n voorbeeld te stel van die herstelde verhouding met God. Die implikasies is dikwels dat Christene tot hulle eie verontregting sekere beperkende voorskrifte moet stel en nakom. Paulus leer die Christenvroue van Efese om nie teen hierdie beperkende voorskrifte in opstand te kom nie, maar om eerder uit te munt in die dinge wat in daardie tyd van hulle verwag is. Hulle moet *vrywillig hulle mense regte prysgee* sodat God se doel (die redding van alle mense) gedien kan word. Daarom moet die gelowige vroue van Efese volgens destydse norme *uitblink as eggenote en moeders*, en juis op hierdie manier hulle *geloof, liefde en heilige lewe* sigbaar maak (2:15). Vandag is die rolverwagting oor vroue anders. Hulle maak hulle *geloof, liefde en heilige lewe* sigbaar as medebroodwinners, as aktiewe en bekwame lede van die samelewing, en as gelyke vennote in die huwelik. As vroue vandag in gemeentes tot swye gedwing word of op swangerskap as reddingsmiddel gewys word, veroorsaak dit ontsteltenis in die samelewing! 'n Rustige, stil en voorbeeldige lewe as mense wat in 'n herstelde verhouding met die enigste God lewe, word vandag geensins hierdeur bevorder nie. In plaas daarvan dat sulke voorskrifte vandag *alle mense* oortuig van die *waarheid* van Christus se verlossing (2:3-5), oortuig dit die hedendaagse mens eerder dat die evangelie 'n *diskriminerende verslawing* meebring! Christus word nie (meer) op hierdie manier gedien nie. As Christenleier sal jy ook mettertyd besef dat sekere *rolverwagtings deur die samelewing* aan jou gestel word. 'n Sekere haarstyl, kleredrag, die bywoning van funksies en uitvoering van openbare pligte word van jou (en selfs jou gesin) verwag. Soms kan jy hierdie (of ander dinge) beleef as 'n ernstige inbreuk op jou privaatheid of selfs 'n skending van jou mense regte. Verdra dit egter, ter wille van die Christelike getuienis waartoe God jou in hierdie wêreld roep. Wys deur die uitmunting in hierdie dinge dat jy in *geloof, liefde en 'n heilige lewe* volhard (2:15) en in 'n herstelde verhouding met God leef!'

Die tydgerigheid van die Skrif

In die Deputaterapport Sinode 1988 (2.2) word die volgende oor die tydgerigheid van die Skrif gesê: 'Erkenning van die tydgerigheid by die Skrifverklaring. Afgewys: Die histories-kritiese benadering van vorm en inhoud. Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Wijngaards (aangehaal deur Den Boer, 1985:31) voer aan dat Jesus net manlike apostels aangewys het in weerwil van die feit dat Hy daardeur teen die vrou gediskrimineer het. Jesus wou egter nie as revolusionêr optree nie, sê Wijngaards. By die aanwysing van apostels het Jesus dus nie uit persoonlike beslissing opgetree nie, maar is sy optrede bepaal deur die sosiale konteks waarbinne hy opgetree het.

Aansluitende gedagtes lees ons by die verklaring van dr Vergeer waar hy skryf: 'Dit blyk dus dat, alhoewel Paulus van meet af die (in Christus) herstelde posisie van die vrou leer, hy nie wil hê dat die inwoners van Efese die indruk kry dat Christene die *sosiale orde wil ondermyn* nie. Dit sou die christene se vermoë om rustig en stil te lewe, as getuies van die herstelde verhouding met Christus, ernstig benadeel'.

In die Deputaterapport Sinode 1988 staan verder geskrywe: 'Gerlings (s.j.:28) reken dat Jesus om praktiese redes nie vroue uitgestuur het nie. Die lae sosiale aansien van die vrou destyds sou die verkondiging van die evangelie belemmer. Hierdie verklaring mag egter nie nagevolg word nie. God het Homself aan ons geopenbaar as die God by wie daar geen kompromie met die kwaad is nie. Hy besit die onveranderlike absolute alleenreg om te bepaal wat goed en wat kwaad is, sonder dat die mens Hom daarin beïnvloed. Dit is goed en wel om die kulturele konteks van sake in te sien, maar dit mag nie daartoe oorgaan dat ons met Gods Woord (= openbaring van sy wese en wil) gaan torring om dit as kulturele verpakking te beskou nie (Den Boer, 1985:34-35).

Klassis Boland (Nasionale Sinode, Handeling 1994, pp 468–469) verklaar: 'Die Skrif is gerig op *spesifieke en konkrete omstandighede* en kan dus nie sonder meer en literalisties (*letterlik*) oorgeneem en toegepas word op vandag se situasie nie en Dit is 'n vraag of uitsprake oor die posisie van die vrou soos in 1 Korintiërs 14:34–35 en 1 Timoteus 2:11–15 bedoel was om letterlik net so in alle tye en plekke te geld. Die openbaring van God se wil oor etiese aangeleenthede is volgens Klassis Boland nie gegee in die vorm van onveranderlike en universeel geldende etiese norme nie, maar dit is gegee in die vorm van spesifieke riglyne wat rigting gegee het binne konkrete omstandighede en situasies wat dikwels/meestal baie verwyder is van ons omstandighede' (p 470).

Altyd geldende Woord van God

Die Deputaterapport Sinode 1988 (punt 3) stel in hierdie verband: 'Die Bybel geld vir alle mense van alle tye. Afgewys: Dat die Skrif tydgebonde is. Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Huls (1951:32) sê dat Paulus kind van sy tyd was wat 'niet dweept met tijdloze cultuur-idealen maar tracht om het Evangelie in zijn wereld vorm te geven. Vandaar dat we vertellingen en woorden bij hem ontdekken, die we niet anders dan als tijdgebonden kunnen verklaren'. Ook die *Feministiese teologie steun baie sterk op die gedagte van die Bybel as tydgebonde boek**. Den Boer (1985:33 vv.) verwys na C. Halkes ('Met Mirjam is het begonnen; opstandige vrouwen op zoek naar hun geloof', 1980, Kampen) wat die

Bybel 'n patriargale, androsentriese boek noem, 'neerslag van een patriarchale cultuur, van nomaden, van een onderdrukt volk dat zicht bevrijdt en vechtend en strijdend zich elders vestigt en dan zijn bevrijdingsgeschiedenis ervaart als door God veroorzaakt, beloofd en begeleid en beleefd als heilsgeschiedenis (p 48)'. Halkes hou selfs die moontlikheid oop dat die Bybel vir moderne vroue herskryf kan word (p 52). Ooglopend is die Bybel vir Halkes weinig meer as 'n interessante boek uit die geskiedenis, 'n boek wat selfs met verontwaardiging gelees kan word, verre daarvandaan om normatief te wees vir die moderne vrou se posisie in die kerk. *Vir die geloofstandpunt dat die Bybel Woord van God is, onfeilbaar, ewig, altyd geldend, is daar in hierdie beskouing geen ruimte nie**.

Dr Wim Vergeer verantwoord hom hierteenoor in 'n ongepubliseerde skriftelike dokument wat deur die deputate van die GKSA Ekumeniese betrekkinge vir kerke buite die verband van die GKSA amptelik as verwerstuk aangebied is, sodanig dat hy so sterk van mening is dat die swyggebod in die eerste plek net vir die vrou van Efese bedoel was, dat dit eerder nodig is om te bewys dat dit wat Paulus in 1 Timoteus 3 sê vir meer vroue as net die in Efese geld. (Beperking op publikasiereg verhoed skrywer hiervan om 'n direkte aanhaling te stel, maar die volle teks is op aanvraag beskikbaar).

Belydenis en eksegese

Die Deputaterapport Sinode 1988 (3.2) merk die volgende op oor die plek van die Belydenisskrifte by die eksegese: 'Die Belydenisskrifte is die duidelike raamwerk waarbinne geëksegetiseer word totdat die teendeel sou blyk – uit die Skrif. Die Skrif is en bly die enigste finale maatstaf en rigsgaander'.

En in verband met die skopus (gerigheid) van die Skrif (Rapport, 3.3): 'God doen niks doelloos nie. Wanneer Hy dan in en deur die Bybel tot mense van alle eeue heen spreek, het Hy daarmee 'n bepaalde doel voor oë. Dit noem ons die skopus of die gerigheid van die Skrif. Ons bely dat die doel van God se Skrifopenbaring die volgende is (Coetzee ea, 1980:-33):

Sentrum en periferie. Sake wat deur die skrywer op die periferie gestel is, mag nie deur die eksegeet in die sentrum gestel word nie, en andersom. Toegepas op die plek van die vrou in die kerk: Galasiërs 3:28 ('daar is nie meer man en vrou nie ...') word dikwels as 'bewyse' aangevoer dat man en vrou sonder onderskeid in die ampte mag dien. Die verhouding tussen man en vrou in die kerk staan egter op die periferie van hierdie Skrifgedeelte. Die saak wat in die sentrum van Galasiërs 3 staan is: Regverdiging deur die geloof alleen. God maak regverdig deur die geloof in Christus – sonder om ag te slaan op die werke van die wet of op enige iets anders, soos (3:28) volksverband, sosiale staat en geslag (man of vrou). Die eksegeet mag 'n teks immers nie buite sy Skrifverband as "bewysvoering" vir 'n ander saak gebruik nie. Desgelyks mag die "swyggebod" van 1 Kor 14:34 en 1 Tim 2:12 nie sonder meer so verklaar word dat dit verbied dat die vrou in die amp mag dien nie, aangesien nie een van die twee Skrifgedeeltes handel oor wie in die amp mag dien en wie nie.

Weereens, dr Wim Vergeer rig in sy voordrag op die werkwinkel van die vrou 'n openlike uitdaging aan die GKSA. Dit word soos volg opgesom: 'Wim Vergeer (May 2001), in his paper *Anomalies in Reformed interpretation of Scripture on the status of women in church and society*, uses theories of TS

Kuhn on the progress of science in his study on the changing position of women in the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). *He argues that the resolutions and appendixes of the 1988 Synod of the GKSA concerning the question of women in office is the governing paradigm on the status and role of women in the church. He contends that this paradigm is in recent times increasingly challenged by a number of anomalies which can no longer be adequately explained**. He highlights and discusses anomalies on the ecumenical, hermeneutic and exegetic plane, as well as in the application of Scripture. Vergeer concludes that a new paradigm that can explain all the relevant phenomena, is on the horizon'.

Slot

Ons het met die komende sitting van die Nasionale Sinode van die GKSA in Januarie 2003 met 'n besondere opdrag te doen. In hierdie gesprek het ons nou maar één tema aangeraak, naamlik dié van die plek en taak van die vrou in die kerk. Daar is duidelik kentekens dat die krisis van ten minste twee denkrigtings in die GKSA hom by die komende sinode in 'n verskeidenheid van temas gaan uitwoed. Mag die Here ons bewaar van konserwatisme. Mag die Here ons bewaar van liberalisme. Dit gaan immers nie oor hoe behoudend of hoe bevrydend ons as mense wil wees nie, maar daar is 'n spesiale gewetensvraag op ons, naamlik – hoe sal ons seker maak dat ons in kerkverband op die suiwer pad van die HERE die toekoms binne loop? In die eerste plek vereis die Here dit van elke indiividu en elke kerkraad as geheel om vir hulleself die grense van toelaatbaarheid vas te stel. Immers: Hoe meer sake – sake wat op die tafel geplaas word vir die doel om leiding te gee – somer weer in die vryheid van die kerke

gelaat word om te doen wat hulle wil, hoe minder word die sinvolheid om sinode te hou. Kerke kan mos maar uit hulle eie doen wat hulle wil sonder dat 'n sinode dit hoef te besluit? En as ons dit tog doen is daar gevaar dat ons met die menslike wil of onwil mense se gewetens gaan bind. Wanneer ons toelaat wat die Here nie beveel nie, of wanneer ons afdwing wat die Here nie gegee het nie, dan bind ons mekaar onregmatig.

Die taak sal wees dat die kerke dit *coram Deo* (voor die aangesig van die Here) moet gaan uitmaak in watter gevalle ons die kenmerke van die ware kerk verruil het vir dié van die valse kerk volgens artikel 28 – 29 NGB. Positief gestel: hoe sal ons altyd weer aan daardie kenmerke reformerend gestalte gee? Ons kerke staan voor die gehoorsaamheidstoets: wil ons buig onder die juk van Christus? Dan sal dit ons getuienis wees as ons sê:

- Die Kerke van Christus wil in gehoorsaamheid aan Hom die Nagmaal vier, seremonieel-presies soos wat Christus ons beveel het.
- Die Kerke van Christus wil in gehoorsaamheid aan Hom die Skriflied sing wat Hy ons gegee het om te sing.
- Die Kerke van Christus wil in gehoorsaamheid aan Hom alleen diegene in die besondere ampte laat dien wat die Skrif self daartoe aanwys.
- Die Kerke van Christus wil in gehoorsaamheid aan Hom sy eie predikante laat oplei, soos die Skrif ons beveel, onafhanklik en vry van enige buite-kerklike druk of aspirasies.
- Die Kerk van Christus wil in gehoorsaamheid aan Hom in geloofsgemeenskap leef met almal wat Hom gehoorsaam volgens sy Woord wil dien, en nie gedwing of gebind word om gemeenskap te moet beoefen met dié wat in terme van art 29 NGB nie onder sy juk wil buig nie.

AKTUEEL

Oordeel, beoordeel en veroordeel

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

'Moenie oordeel nie ...'. Dit is 'n uitspraak van Jesus Christus self. Dit maan tot nederigheid, tot versigtigheid oor wat jy oor ander mense sê. Jesus Christus benadruk dan ook dat dieselfde maat aangelê sal word vir veroordeelde en veroordelaar: 'Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word' (Matteus 7:1-2).

In ons post-moderne tyd is dit baie gewild om hierdie woorde van Jesus aan te haal. Die bedoeling is egter nie altyd dieselfde as Jesus Christus s'n nie. Die effek hiervan is hierdie gevolgtrekking: Moet glad nie, geheel en al nie oordeel nie. Dit sal hoogmoedig wees. Dit is strydig met die liefdesgebod. Dit is arrogant en krenkend. Waag geen oordeel nie. Hou by die oordeel-verbod.

Maar is dit werklik wat die Here Jesus gesê het? Dat daar hoegenaamd geen oordeel uitgespreek mag word nie?

Regverdige oordeel

'...Oordeel 'n regverdige oordeel.' Dit is ook woorde van die Christus. Na aanleiding van 'n genesingswonder op die sabbat

sê Jesus vir die Jode: 'Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel' (Johannes 7:24). Dit wil dus voorkom asof Jesus dit in beide gevalle het oor die maatstaf wat gebruik moet word. Die eie-geregtige maatstaf, waar 'n mens jou eie optrede of gebruike tot oordeelstaf verklaar, of die regverdige oordeel as daad van God: dit is die saak waaroor dit gaan.

Skeidingsdaad van God

As ons oor oordele nadink, en fyn na die Skrif luister, kom dit dikwels voor dat die oordeel iets is wat God in die toekoms sal doen. So bely ons dit ook in die twaalf artikels. Daar is 'n paar aspekte wat uiters belangrik is met betrekking tot die oordeel

van God, sodat die kerk kan weet hoe om teenoor die oordeel te staan.

Die oordeel van God bring skeiding. Nie net in die toekoms nie, maar ook in die hede. Hierdie oordeel as skeidingsdaad van God is altyd 'n persoonlike gebeurtenis. Dit het te doen met Jesus Christus, die Seun van God wat sê - òf: 'Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid (Lukas 13:27),' òf: 'Kom na My toe (Matteus 11:28)'. Jesus Christus is die Regter wat die oordeel bewerk. Dit is 'n beslissende moment in elke mens, in elke volk en nasie se lewe. Die uitspraak van die Regter is gegrond in sy verkiesende liefde en het ook alles te doen met sy eis tot verbondsgehoorsaamheid.

Die oordeel van God begin nie net by die kerk nie (1 Petrus 4:17), maar dit loop reg deur die kerk. Die uitsprake van Christus is dan dikwels daarop gerig om nie onder 'n misgissing en valse indruk te leef nie. 'n Voorbeeld: al doen mense ampswerk in Christus se Naam; ja, al vlug die demone voor daardie ampsdraers weg - as daar nie 'n persoonlike skeidingsmoment na Jesus Christus toe plaasgevind het nie (dit is: as die ampsdraer nie van harte in Jesus Christus glo nie), dan is selfs 'n bedienaar se ampswerk geen waarborg dat hy die oordeel sal vryspring nie.

Geen weerligstraal

Die oordeel van God is ook geen weerligstraal in die hande van die kerk om sy vyande mee te pynig nie. Dit bly van A tot Z 'n handeling van God self. Hierdie oordeel van God as 'n kritiese skeiding - ons kan selfs praat van 'n krisis-skeiding - is die regverdige daad van God (Jesaja 30:18). Met die oordeel maak God in sy Seun die verhouding met Hom en die kerk aan die een kant en met die wêreld aan die ander kant weer reg.

Hoe pragtig sing die kerk die lied in Psalm 48:5 (berymd): 'die oordeel wat sy volk verbly het'. 'n Oordeel as regverdige daad van God bring vir sy uitverkorenes nie vrees en angs mee nie, maar genade en liefde en barmhartigheid. Die oordeel van God - so verskriklik en aangrypend, só hoog dat mens slegs huiwer-woorde waag, veroorsaak lewensvreugde by die ware kerk. Waarom? Omdat God se oordeel in Jesus Christus aan die kruis vasgeslaan is, Hóm verbrysel het; sodat ons sy oordeel slegs sal sien, maar na ons sal dit nie aankom nie.

Vir die wêreld bly die oordeel van God 'n krisis, persoonlik sowel as kollektief. Vir die wêreldling is die oordeel van God 'n wegjaag van sy liefdevolle aangesig af. 'n Oordeel wat finaal voltrek word wanneer die skape en die bokke geskei word, maar nou reeds 'n aanvang neem.

Verkondiging van oordeel

Die kerk kondig die oordeel vir die wêreld aan. Jesus Christus laat óók sy oordeel vooraf afkondig. Geweldig as die rokende berg Sinaï. So skud 'n oordeelswoord vanaf Jesus Christus self. 'n Waarskuwing teen 'n doodsvonnis wat wag. 'n Laaste oproep tot kritiese gedragsverandering. Die prediking, veral, moet ook die oordeel van God na vore bring. Daarin sit die liefde van God opgesluit. Waarom laat God sy oordeel vooraf presies verkondig? Omdat Hy geen behae het in die dood van sondaars nie, maar dat hulle hulle bekeer en lewe. 'n Gemeente waarin die oordeel van God gereeld plaasvind, as verkondiging en as tug, só 'n gemeente is ontsaglik begaan oor die wêreld. Daardie oordeel, daardie krisis, dring die kerk tot liefde vir die naaste.

In 'n kerk waar God se regverdige oordeel klink, daar skyn sy liefde helder en blink. Dit is dan ook daar waar die meeste

gewaak word teen menslike maatstawwe en menslike hoogmoed, en menslike vooroordele. 'n Kerk wat die oordele van Christus uit hulle kop ken, sal in hulle hart waak om sy oordele nie te verwar met hulle eie voor-oordele nie.

In hierdie verband kom twee sake in ons post-moderne tyd prominent aan die orde: oordeelloosheid en ondeurdagte veroordeling.

Oordeelloos

Ten eerste moet ons ons in die Gereformeerde Kerke nie laat verlei om oordeel-loos te word, deurdat woorde van Jesus verkeerd aangehaal word nie. 'n Oordeellose kerk het reeds onder die oordeel van God verval. Daarom moet ons kerke ons nie laat ompraat met die sagte stem van die draak wat byvoorbeeld in die sogenaamde nuwe hervorming (ver-vorming?) opklink nie. Laat die regverdige oordeel van God daarvoor verkondig word. Beoordeel dit volgens die oordeel van God: Wie ookal sê dat Jesus nie in die vlees gekom het nie, is 'n dwaalleraar en 'n anti-chris (2 Johannes verse 7-10). Dit is geen hoogmoedige gedweep nie, dit is ons liefdevolle plig: juis omdat die kerk self die oordeel in Jesus Christus vrygespring het. Laat ons na die stem van God luister, 'n stem wat òók donder van die oordeel. Mag die Here ons bewaar om op te hou om die oordeel te verswyg.

'n Post-moderne gemeente, wat sku is en afsku het van enige oordeel is gevrywaar van een ding: vervolging deur die wêreld. Maar die wêreld, so sê Openbaring 12, vervolg juis die ware getuies van Jesus Christus, juis omdat die oordele van God hulle gewete en ore omkrap.

Versigtig

Tweedens moet ons altyd uiters versigtig wees om seker te maak dat ons die oordeel van God verkondig. Moenie eiewillig oordeel nie, maar oordeel in regverdigheid. Daaraan moet ons mekaar gedurig herinner. Die kerk is nie geroep om ander met sy eie woorde toe te gooi nie. Ons moet slegs die oordeel-Woord weergee en deurgee.

Duidelike onderskeid

Dit is duidelik dat daar 'n onderskeid is tussen oordeel, beoordeel en veroordeel:

- Ons mag nie met ons eie oordeel kom nie.
- Ons moet die oordeel van Christus verkondig. Altyd met die verbonds-As. As iemand hom bekeer, sal hy die oordeel vryspring. As hy dit nie doen nie, sal die oordeel voltrek word.
- Ons beoordeling sal ook val onder die oordeel van God. Daarom moet ons altyd biddend en versigtig ons beoordelingswerk doen - aan die hand van die Woord van God.
- Die veroordeling kom Jesus Christus alleen toe. Hy voltrek die afgekondigde oordeel op die groot dag van die Here, wanneer Hy 'n skeiding sal bring wat tot in ewigheid sal bestaan.

Oordeel 'n regverdige oordeel. Dit is die taak van die Gereformeerde Kerke vandag, in 'n tyd waar die wêreld skynbaar vreesloos vir God geword het, omdat die kerk alsmeer oordeelloos voor God geword het. Inderdaad: die oordeel *begin* by die huis van God.

Diakonale konferensie 2002

Dr JR Zeevaart, Pretoria

Dr Jan Rijn Zeevaart, wat as diaken in die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort dien, was teenwoordig by die jaarlikse diakonale konferensie te Nylstroom. Hy gee sy indrukke van die konferensie weer.

Op 7 September het ek die diakonale konferensie, wat deur die diakonie van Gereformeerde Kerk Nylstroom aangebied is, bygewoon. Driehonderd diakens (meestal broeders, maar ook enkele susters) van sowat 75 diakonieë regoor Transvaal was teenwoordig. 'n Mens kan jou indink dat die hartlike samesang van Psalms vanuit die kerkgebou oor Nylstroom moes gespoel het.

Die konferensie het dit as oogmerk gehad om diakens die geleentheid te bied om self die stand van sake in hulle gemeente te stel en deel te neem aan die gesprek. Daarom was daar geen lesings nie. Die konferensie het die vorm van 'n 'state of the nation' bepaling aangeneem; of anders gestel: 'n voorraad-opname van dopper-problematiek en -denke is gemaak. Sake wat onder andere bespreek is, sluit die doel van die diakenwerk, wyksindeling, ouetehuse en kinderhuse waarvoor die Gereformeerde Kerke verantwoordelik is (SDDS), en die vrou in die amp in.

Diakens het ruim geleentheid ontvang om te vertel van praktyke wat goed werk in hul diakonieë. Bowendien is materiaal oor die onderwerpe (behalwe 'n stuk van die diakonie Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Suid getiteld 'vrouens in diens van diaken' wat tydens registrasie aan konferensiegangers uitgedeel is) vooraf in *Die Kerkblad* van 17 Julie 2002 gepubliseer. Die besprekings het getoon dat die grootste probleem waarmee diakonieë oral te kampe het ampsdraers se gesindheid teenoor hul ampswerk is. Dit geld ook vir broeders wat nie die roeping tot die amp

opvolg nie. Menige verskonings vir gebrekkige huisbesoek en vakante wyke kan daarheen teruggelei word. Wat 'n mens hieruit kan aflei is dat oplossings nie in allerhande alternatiewe vorme van diakonale bediening lê nie, maar bloot in opskerping en aanmoediging – in diensbaarheid aan die Here. Tog is daar 'n sterk stroming wat meen dat dienstegroepe 'n oplossing bied.

Vrou en diaken

Rakende die onderwerp 'die vrou in die amp' is slegs bespreking rondom die praktyk hiervan toegelaat en die beginsel is nie bespreek nie. Daar was in ieder geval nie genoeg tyd om die skrywe van Vanderbijlpark-Suid te bestudeer nie. Dit het egter 'n eensydige prentjie gelaat deurdat die diakonie van Klerksdorp (13 diakens waarvan 7 vrouens is) beweer het dat hulle besluit om susters in die diaken amp te bevestig, goed in die praktyk werk.

Die kwessie van die vrou in die besondere amp veroorsaak tans rimpelings en plek-plek groot golwe in die GKSA. Gehoorzaamheid aan die Skrif is die een en al. Waar broeders in eerbied vir God en sy Woord hulle roeping met ywer vervul, kan daar met krag vorentoe gebeur word. Die prent word egter donker as roepingsvervuldheid ontbreek en plekmaak vir menslike eiewilligheid.

Volgende jaar se konferensie word deur die Gereformeerde Kerk Rustenburg-Wes aangebied.

LESERSREAKSIE

SUSTERKERKE

BR RF VAN DEN BERG VAN KILNERPARK SKRYF:

Geagte redaksie,

Baie dankie vir die opneem van my reaksie op die artikel 'Verrassing vir die GKSA' van ds GJ Meijer in u blad van 7 Julie 2002. Ek hoop my aan die voorstel van ds Meijer te hou om alleen vir kerke in dieselfde kerkverband die naam 'susterkerk(e)' te gebruik. Tog verkeer ek met die gebruik van die naam vir die afrikaanssprekende kerkgroepe in goeie geselskap, want in *Die Kerkblad* van 28 Augustus 2002, die rubriek redaksioneel, lees ek: 'Daarom word die gesprek tussen die Afrikaanse 'susters'-kerke nou al dekades lank volgehou'. Daarby kom dat eenheid in die liggaam van Christus, soos deur my uit die GKSA sinode handelinge gesitêr, nader aan mekaar is as susterkerke. In die liggaam kan die oog mos nie vir die voet sê: ek het jou nie nodig nie, maar susters kan elk hul eie pad loop!

Liggaam van Christus

So het ons dan by die liggaam van Christus uitgekom, waar ds Meijer van sê: 'Br van den Berg se opmerking dat dit nie Skriftuurlik begrond kan word dat die liggaam van Christus

algemeen (universeel) is nie, is vreemd. Bely ons dan geen heilige algemene Christelike kerk – die gemeenskap van heiliges nie?' Ja, ons bely 'n heilige algemene Christelike kerk – die gemeenskap van die heiliges. Maar dat die algemene Christelike kerk volgens die Skrif met die liggaam van Christus saamval, moet eers aangetoon word.

In alle Handeling van sinodale vergaderings van die GKSA wat ek gelees het word die saamval van die liggaam van Christus met die universele kerk nêrens begrond nie, maar steeds as vasstaande feit aangeneem. Selfs so dat die gemeentes *openbaring* van die liggaam van Christus genoem word. Maar in die briewe aan die Efésiërs en aan die Kolossense skryf Paulus duidelik dat die gemeente (enkelvoud) die liggaam van Christus is. En dat Christus die Hoof van die gemeente, wat sy liggaam is, is. Daar is nie *gemeentes* (meervoud) geskryf nie! As Paulus aan die *gemeentes* van Galasië skryf word hulle nie met die liggaam van Christus vermaan om eensgesind te wees nie. Die Liggaam van Christus word net vir die plaaslike gemeente gebruik om onderlinge hulp en meelewe aan te moedig. Dit is nie reg om van 'n plaaslike kerk as 'n *openbaring van die liggaam van Christus* te spreek nie.

Verdeling?

Soos Paulus in 1 Korinthiërs 1 die verdeling van Christus as iets onmoontlik beskou, so is dit ook onmoontlik dat die liggaam van Christus verdeel is. Want ons bely met die NGB artikel 28: 'Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God'. Om broeder of suster van Jesus Christus te wees, dus ook van mekaar, sal ons volgens Matteus 12:50 'die wil van Vader in die hemel moet doen'. Wie dan ook teen die bevel van God handel maak hom die naam van broeder of suster onwaardig. Daarmee sê ek nie dat hulle van die ewige lewe uitgesluit is nie, want Christus vergader vrymagtig deur sy Woord en Gees elkeen wat Hom deur die Vader gegee is. Elkeen egter wat die stem van die goeie Herder hoor en ken sal Hom volg (Johannes 10). Elkeen van hulle is geroep om hom by die ware kerk, waarbuite geen saligheid is nie, te voeg. Saligheid gaan dan nie in die eerste plek oor die hiernamaals nie. Want Christus is ons Saligmaker, dit wil sê ons Redder van sonde en dood, maar tegelyk ook Hy wat die gehoorsaamheid vir ons volbring het. Sy skape luister mos na die stem van die goeie Herder en is salig deur Hom te volg.

Ekumeniese optrede

Die GKSA sinode van 1967 (artikel 217) het die samevatting onder punt drie van die Deputaterraapport as voorlopige riglyn vir die ekumeniese optrede van die kerk aanvaar. Deputate van volgende sinodes het steeds volgens hierdie riglyne gewerk. Merkwaardig vind ons in punt 3b(3) die volgende stelling: 'Dit geld die kerk in al sy verskyningsvorme, dus sowel die plaaslike kerk as die universele kerk waarvan die plaaslike kerk die plaaslike openbaring is; ...'. In die toeligting word gestel dat in die Nuwe Testament sowel die plaaslike as die universele kerk 'ekklesia' genoem word met verwysing na Handeling 20:28 en Efesiërs 1:2. Maar as ons beide tekste in hul konteks lees, word in al twee oor die plaaslike kerk gespreek.

Die universele kerk *glo* ons, maar - soos Calvyn reeds opgemerk het, God kan alleen die gemeente wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader word, oorsien. Ons kan net plaaslike kerke sien en as daar meer plaaslike kerke in 'n kerklike vergadering saamkom kan ons wel die eenheid wat daar in die Hoof van die kerk is sien, maar die algemeenheid bly vir ons onoorsigtelik. Ons is mos nie alleen plaaslik gebind nie, maar ook deur tyd gebind. Ja eenmaal sal die algemene kerk sigbaar wees, maar dan spreek die Skrif nie oor die liggaam van Christus nie, maar van die bruid wat vir haar man versier is.

Gemeenskap van heiliges

Die gemeenskap van die heiliges *glo* ons en beleef ons in die plaaslike kerk. Daar is dit moontlik dat, as een lid ly al die lede saam ly. Verder bly dit beperk tot insidentele gevalle, wat deur relasies of geskiedenis bekend word. Of kan ons nou nog in die gebrek van Paulus voorsien soos die van Macedónië gedoen het (2 Korintiërs 11:9)?

Dat gelowiges, as lewende lede van die kerk, gemeenskap met Christus en aan sy gawes en skatte deel het, maak dat hulle op reis in die wêreld medegelowiges herken en erken. Hoe gebeur dit? Deurdat ware gelowiges die wil van Vader doen soos Christus ons geleer het om broeders en susters uit te ken (Matteus 12:50).

Onverdiende lof

Ds. Meijer het my onverdiend geprys oor die opmerking: 'Dit blyk dus dat vandag van GKSA kant met nuwe glans en

doelgerig na die eenheid van die nasionale kerke gestreef word wat dus meer is as formele kontakte in 'n tussen kerklike kommissie'. Die opmerking kom uit die pen van een van die GKSA deputate vir ekumeniese aangeleenthede in *Die Kerkblad* van 10 April 2002 en die lof kom my dus nie toe nie. Ek het dit oorgeneem omdat dit juis die teenstelling so pynlik belig: Die Tussen Kerklike Kommissie moes aanvanklik in opdrag van die GKSA sinode 1958 die eenheid doelgerig in eenheid in die waarheid soek en het dit jare lank vol moeite sonder gewenste resultaat probeer bereik. Maar hierdie deputaat sien in die Konvent van Reformatoriese Kerke in SA 'n doelgerigte strewe na die eenheid van nasionale kerke en diskwalifiseer die arbeid van die Tussen Kerklike Kommissie as formele kontakte.

Duidelikheid

Die werk van die Tussen Kerklike Kommissie het wel duidelikheid gebring dat die gesprek op die sinodale kerkregering vasgeloop het. Die NGK en NHK kon op grond van die aanname van die universele kerk as die liggaam van Christus aan die hoër gesag van die meerdere vergaderings bly vashou omdat daar dan meer openbaring van die liggaam van Christus aanwesig is. Laat ons daarom na die Skriftuurlike norme vir kerkvergadering terugkeer veral met die waarskuwing van Christus voor oë: 'hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi' (Lukas 11:23). Al die gespeel met die liggaam van Christus veroorsaak dat ons mekaar as gelowiges nie meer verstaan nie en nie meer alles wat met die Woord van God in stryd is verwerp nie.

DS GJ MEIJER ANTWOORD:

Partykeer word die bos so dig en donker dat jy die bome nie meer mooi kan onderskei nie. Dit kan ook gebeur met 'n papier-gesprek soos hierdie. Oor vele sake kan daar (en moet daar) duidelik Skriftuurlik en konfessioneel klarigheid kom, soos die verhouding tussen die plaaslike kerk en die algemene/universele kerk; die inhoud en trefwydte van die kerk as liggaam van Christus; en die term susterkerk – waaroor ek tevore al geskryf het dat dit 'n term is wat jammerlik genoeg slordig gebruik word.

Tog is dit van belang dat ons by die kern van die saak bly. Die beginpunt van die gesprek was die gebeure by die Generale Sinode Zuidhorn van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak).

Sinode Zuidhorn het met 'n staking van stemme besluit om die *status quo* ten opsigte van die verhouding GKNV en GKSA te behou. Na aanleiding daarvan het ek geskryf: 'Wat verhinder die GKNV om op sterkte van hulle 1981-uitspraak dat die GKSA ware kerk van Christus is, formele korrespondensie met die GKSA aan te gaan? Is dit nie juis ons roeping om die eenheid in Christus te soek en te vind nie? Ook al bring daardie eenheid mee dat daar met inspanning van alle kragte gesamentlik teen dwaling gestry moet word?'

Die kern van die saak is ons roeping om die eenheid in Christus te soek en te vind. Dit is 'n gewigtige saak, waarvoor Christus in sy hoëpriesterlike gebed vurig pleit. Die gewig van die saak mag nie verlore gaan onder 'n veelheid van woorde en redenasies wat uiteindelik daartoe lei dat die eenheid waarvoor Christus pleit, nooit 'n werklikheid word nie. Hiermee sê ek nie dat eenheid ten koste van die waarheid gesoek moet word nie. Dit allermins. Waarteen met erns gewaak moet word, is die gevaar dat die eenheid en die waarheid tesame verlore raak weens 'n menigte van menslike gedagtes. Dit is geen denkbeeldige gevaar nie.

Alternatiewe geneeswyses

Prof JM Boon, Pretoria

Die term alternatiewe geneeskunde word gebruik vir daardie geneeswyses wat verskil van die sogenaamde westerse geneeskunde. Die verskille onderling is egter so groot dat dit moeilik is om op grond van 'n stel kriteria te sê dat 'n metode alternatief is of nie. 'n Mens sou binne die alternatiewe geneeskunde kon onderskei tussen natuurgeneeskunde en ander alternatiewe geneeswyses. Homeopatie en kruegeneeskunde sou byvoorbeeld onder natuurgeneeskunde gegropeer kon word. Dit is duidelik dat 'n geweldige toename in belangstelling vir alternatiewe geneeswyses bestaan. 'n Eenvoudige webwerfnavraag toon die resultaat van 1 320 000 webwerwe oor die onderwerp.

Waarom alternatief?

Pasiënte gebruik alternatiewe geneeswyses weens twee redes. Eerstens omdat hulle dikwels onvredenig is met die 'westerse' geneeskunde en tweedens omdat hulle die filosofieë en gelowe oor gesondheid van die alternatiewe geneeswyses aantreklik vind. Beïnvloed deur die oosterse mistiek en *new age* denke sluit baie alternatiewe geneeswyses goed aan by die post-moderne gees waar die fokus op die individu gelê word en die skepping gerelativeer word. Alternatiewe geneeswyses stel dikwels dat hulle al die antwoorde op al die onopgeloste probleme van die westerse geneeskunde het. Dit is misleidend. Neem as voorbeeld 'n uittreksel uit 'n voorste alternatiewe geneeskunde joernaal: 'Ons ken al die redes waarom een uit elke agt Amerikaanse vroue borskanker ontwikkel ...'. Dit sonder om enige verwysings te noem na goed uitgevoerde kliniese studies. Dikwels word dit oor die boeg gegooi van: 'geheime om langer te kan lewe'.

Die afgod van gesondheid

Die gesondheidsbegrip het oor die afgelope paar dekades geweldig verbreed. Gesondheid is nie net meer die ontbreking van siekte nie, maar dit verwys ook na dinge soos om goed te lyk, om goed te voel en jeugdigheid. Dink maar aan die geweldige groei van vakgebiede soos ortodonsie, plastiese chirurgie en veral verskeie alternatiewe geneeswyses.

Die strewe na gesondheid toon vandag definitief godsdienstige trekke. Aan die een kant is gesondheid 'n doel op sigself, en aan die ander kant ook 'n voorwaarde om te kan funksioneer en veral te kan geniet. Die heil van die liggaam word verafgod. Die sekulêre heilsverwagting lê vandag in die gesondheid van die liggaam. Om die Here te dien is nie meer prioriteit nie, maar om die liggaam te dien. Geen wonder dat ons vandag sien dat daar groot moeite is met die geboorte van kinders met gebreke. Dit moet ten alle koste verhoed word. Liggaamlike gesondheid is amper heilig. Daarsonder kan jy nie geniet en 'kwaliteit van lewe' ('n tipiese goddelose moderne begrip) ervaar nie. Daarsonder kan jy ook nie aan die verbruikerskultuur deelneem nie. Wat God te sê het oor sy handewerk en sy definisie van die kwaliteit van lewe is irrelevant. Ons hele samelewing word bepaal deur die ideaal van 'n jong gesonde liggaam. Dit geld vir beide westerse en alternatiewe geneeskunde. Advertensies het dikwels vandag die volgende strekking:

'Het u 'n goeie gesondheid en wil u sorg dat dit so bly, of dat u selfs nog beter sal voel?'

Iets uit die geskiedenis

Met die noukeurige beskrywing van die anatomie van die menslike liggaam deur Andreas Vesalius, die ontdekking van die bloedsomloop deur William Harvey en nog vele meer ontdekkings in die skepping, het die geneeskunde steeds tot 'n groter mate begin rus op 'n deeglike begroning van data uit die skepping soos die Here dit self ontwerp en gemaak het. So is 'n deeglike kennis van die anatomie, fisiologie, molekulêre selbiologie en mikrobiologie (blote beskrywings van die skepping) essensieel om siektes te verstaan, geneesmiddels se werking te begryp, asook mediese en chirurgiese ingrepe te doen.

Dit is opvallend dat die meeste alternatiewe geneeswyses 'n baie karige verstaan van die anatomie, fisiologie en molekulêre biologie van die liggaam vereis. In baie gevalle sien ons in die alternatiewe geneeskunde 'n terugkeer na die mistiek voor die Renaissance. Niks is meer uit die skepping verklaarbaar nie, in elk geval nie vir meer as een persoon nie. Herhaalbaarheid verval en geen twee alternatiewe geneesheren maak dieselfde diagnose nie.

Na die Renaissance is die wonders wat daar in die skepping ontdek is, al hoe meer losgemaak van die Skepper. Descartes se *cogito ergo sum* (ek dink daarom is ek) het verreikende implikasies op die verdere ontwikkeling van die geneeskunde gehad. God is as 't ware uit sy eie skepping uitgeredeneer. Descartes bring ook die dualistiese denke na vore. Hy deel die mens in twee: liggaam en siel. Die natuurwetenskappe bestudeer die liggaam en die filosofie, teologie en sielkunde die siel en gees.

Dit werk vandag nog deur in dokters se spreekkamers waar die twee geskei word. So word daar soms glad nie aandag gegee aan die vrese en psigiese impak van organiese siektes op pasiënte nie. Die pasiënt word nie as gehele mens aangespreek nie, maar as 'n komplekse sisteem van geneties-neurologies-hormonale inligting. Siekte is 'n meganiese defek van die masjien: die menslike liggaam. Dit kan met tegniese ingrepe herstel word. 'n Meganistiese wêreldbeeld het in die gesondheidsorg ontstaan wat die mens van God en sy omgewing vervreem. Dit neem nie weg dat die menslike liggaam deel is van God se skepping en dat die oplossing van baie siektes inderdaad geleë is in die goeie verstaan van die meganismes wat God in die menslike liggaam geskape het nie.

Natuurlike medisyne

Die gebruik van homeopatiese en kruiemedisyne het in sekere siektes wel effek en kan gebruik word.

Medisinaliese plante word al van die vroegste tye gebruik en selfs vandag ken ons nog die middel digoksin wat van die plant *digitalis lanata* kom en gebruik word by hartversaking. So ook kinien in die behandeling van malaria. Ons weet van koning Hiskia wat vyeblare gebruik het vir sy siekte. Hippocrates het

‘n lys van oor die 400 medisinale plante gehad. As u vandag ‘n wetenskapsmuseum in Europa besoek dan sal u ongetwyfeld ook ‘n apteek uit die 18de en selfs 19de eeu teëkom. Dit is nie so lank gelede dat medisinale plante die enigste effektiewe wapen in die armamentarium van die dokter was nie. Heelwat navorsing word vandag gedoen oor die veiligheid en effektiwiteit van hierdie middels. Dit moet nie met alternatiewe geneeskunde verwar word nie.

Samuel Hahnemann was ‘n Duitse dokter in die 19de eeu, wat die sogenaamde similia beginsel beskryf het. Die similia beginsel veronderstel dat ‘n siekte beveg word deur ‘n middel toe te dien wat dieselfde simptome veroorsaak. So het hy byvoorbeeld gesê dat die werking van kinien teen malaria op die feit berus dat dit ook koorsverskynsels veroorsaak. ‘n Geneesmiddel word gegee wat in staat is om dieselfde simptome op te wek by gesonde mense as waaraan die sieke ly. Die feit is egter dat kinien nie in alle pasiënte koors gee nie, en dat hierdie beginsel gestel is op grond van enkele ervarings. Op so ‘n wyse gaan mens nie nougeset met die skepping om nie.

Oog vir detail in die skepping

Om behandelingsbeginsels af te lei wat werklik effek het op siektes, is studies van baie groter omvang nodig. Studies gebaseer op eerlike waarneming van geneesmiddels se werking op selle, hul inhoud en membrane. ‘n Goeie voorbeeld daarvan is ‘n onlangse studie wat gedoen is om te bepaal of cholesterolverlagende middels werklik ‘n effek het. Duisende mense is in die studie ingesluit op ‘n dubbelblinde gerandomiseerde manier. Dit beteken dat beide die dokter en die pasiënt nie weet of die middel die geneesmiddel bevat of nie. Die effek van cholesterol is daarna oor ‘n termyn dopgehou. Vandag weet ons dat hierdie middels inderdaad ‘n positiewe effek het op die verlaging van cholesterol, gebaseer op die molekulêre stimulerings van die afbraak van cholesterol en soos getoets in ‘n groot pasiënt populasie.

Voordat ons enige middel, hetsy homeopaties of nie, voorskryf of gebruik, moet ons op ‘n verantwoordelike wyse met die detail van die menslike liggaam omgaan en eerlike navorsing daarvoor doen, wat vry is van mistiek.

Daar lê egter definitief potensiaal in die behandeling van chroniese siektes soos allergieë, ekseem, artritis, veltoestande en depressies met homeopatiese middels. Dit moet egter goed ondersoek word. Ons moet besef dat dit te vergesog is om te sê dat die westerse geneeskunde die skepping deur en deur verstaan. Daar is baie onverklaarde verskynsels en beperkte insigte.

Dit is so dat homeopate nie slegs die orgaansisteem raaksien nie, maar aandag vra vir die hele mens binne sy konteks (holistiese benadering).

‘n Dokter wat goed na sy pasiënt luister, oog het vir beide die liggaam en gees van die pasiënt, het ook ‘n positiewe effek op sekere siektes, sonder dat hy/sy enigets voorskryf.

Daar is alternatiewe geneeswyses wat ons as Christene heeltemal moet afwys, byvoorbeeld iriskopie, transendente meditasies, die uitvoer van genesings op afstand, oosterse meditasie- tegnieke, astrologie, kristalgenesers, geloofsgenesing, *new age* genesing, akupunktuur, ensomeer.

Wat is ons roeping?

Enige geneeskunde moet rekening hou met al die data wat beskikbaar is oor die menslike liggaam soos die Here dit gemaak het. Watter data is daar? Artikel twee van die Nederlandse Geloofsbelydenis gee ons daarop ‘n antwoord – ons ken God uit sy Skepping en uit die Woord. Ons mag God nie uit sy eie skepping uitredeneer nie, en ook nie die skepping met sy pragtige detail inruil vir ‘n oosterse mistiek nie.

Die Here het aan ons die opdrag gegee om met die gawes wat Hy ons gegee het, en dus ook ons verstand, die goddelike orde in die skepping te ondersoek en na te vors. Die resultate hiervan kan dan gebruik word in die behandeling van siekes, sodat mense weer hul God kan dien. In hierdie wetenskapsbeoefening word die eer altyd aan die Outeur van die skepping gegee, en word daar rekening gehou met die wette van hierdie Outeur vir sy skepping. So kan die resultate van hierdie wetenskapsbeoefening met vrug aangewend word tot voordeel van pasiënte sodat hulle weer hul roeping kan uitvoer. Die Here roep ons om die menslike liggaam na te vors tot in die fynste detail en samehang soos Hy dit gemaak het.

IRISKOPIE

Prof JM Boon, Pretoria

In die voorafgaande artikel is daarop gewys dat alternatiewe geneeswyses meestal gebaseer is op mistieke interpretasie van die werklikheid. Die skepping van God word nie as die basis van mediese handeling gesien nie. Dit word gewoonlik nie noukeurig ondersoek sodat die bevindinge van hoe God die liggaam gemaak het, gebruik word vir die maak van medisyne en die uitvoer van geneeskundige handeling nie.

Een so ‘n voorbeeld is iriskopie. Met behulp van hierdie metode kan verskillende siektetoestande van die liggaam gediagnoseer word deur die iris van die oog noukeurig te ondersoek. Die iris sou ‘n kaart van die hele liggaam wees waarop sekere diagnoses afgelees kan word. ‘n Mens sou sekere chroniese siektes al lank voordat daar simptome kom kon diagnoseer en dit dan verhoed. Iriskopiste lê geweldig klem op die groot belang van intuïsie en van *feeling*.

Interessant is dat verskillende iriskopiste tot heeltemal verskillende konklusies kom vir dieselfde interpretasie. Dit is inderdaad ook dikwels by mediese dokters die geval, maar dit sou ‘n mens as persoonsgebonde kon bestempel. Die hele geneeskunde is juis daarop gebaseer dat siektes beskryf kan word aan die hand van sekere afwykings van die normale liggaam soos die Here dit gemaak het. Dit kan deur middel van sintuiglike waarneming en herhaalbare toetse bevestig

word is nie afhanklik van 'n spesifieke dokter nie. Mits die dokter natuurlik 'n goeie kennis van die anatomie en patologie het.

Die feit dat die Here tydens die skepping sekere konstantes en patrone in die skepping ingebou het, soos byvoorbeeld die anatomie van die menslike liggaam, getuig van eenheid in die skepping. Die Skepper het alles goed gemaak, volgens 'n plan en 'n patroon. Ons studie daarvan raak maar net aan die oppervlak. Tog kan ons deur noukeurige beskrywing van die skepping (wat trouens ons opdrag is) sekere patrone raaksien. Die maag se bloedvoorsiening is byvoorbeeld by meer as 95% van mense konstant. Bloedvate kom van sekere takke van die aorta en voorsien die maag. Ook die histologie van die maag is baie konstant. Alle mense het selle wat suur afskei wat belangrik is vir vertering. Hierdie kennis het daartoe gelei dat medisyne gemaak kon word wat hierdie suurafskeidende selle se funksie rem indien daar 'n maagseer is. Sodoende kan die maagseer herstel en is dit nie meer nodig dat die maag of deel van die maag tydens 'n ingrypende operasie verwyder hoef te word nie. Opsommend kan gesê word dat geneeskundige handeling deeglik moet kennis neem van hoe God geskape het om dienooreenkomstig middels te ontwikkel om siektes te bestry.

'n Behandeling word daarom ook vooraf aan dubbelblinde analise onderwerp. Beide die pasiënt én die dokter is tydens so 'n ondersoek nie bewus van watter behandeling gegee word nie. Op so 'n manier kan daar met redelike groot sekerheid gesê word dat die middel of behandeling wel werk soos wat die werking in byvoorbeeld die laboratorium op liggaamselle vasgestel is.

Hierdie uitgangspunt staan teenoor die manier van behandeling van byvoorbeeld iriskopie. Daar kon nog nie op 'n verantwoordende manier vasgestel word dat die iris 'n kaart van die hele liggaam verteenwoordig nie, en dat siektetoestande van die liggaam in die iris van die oog afgelees kan word nie.

Die huidige kennis oor die iris wys dat die iris bestaan uit losmasige, hoogs vaskulêre bindweefsel wat gepigmenteer is as gevolg van die teenwoordigheid van 'n groot hoeveelheid melanosiete. Baie van hierdie pigmentproduserende selle laat die oog bruin vertoon en min daarvan laat die oog blou

vertoon. Die voorste oppervlak is belyn met fibroblaste en melanosiete en is onreëlmatig terwyl die agterste oppervlak glad is en bedek word deur epiteelselle. Daar is verder ook mio-epiteelselle in die iris wat klein spiertjies is wat die pupil groter en kleiner maak. 'n Mens kan in verskeie publikasies verdere detail van die iris bestudeer, maar dit blyk dat die iris uniek deur die Here gemaak is met 'n spesifieke funksie. Dit is nie moontlik om byvoorbeeld 'n gewrigsiekte in die iris af te lees nie.

Enigiemand kan die iris neem, dit onder 'n mikroskoop bekyk en verwonderd staan oor bogenoemde beskrywing. Dit is pragtig hoe God die iris van die oog gemaak het vir die spesifieke funksie om die pupil van die oog te vergroot en te verklein en sodoende die regte lig-intensiteit op die retina toe te laat.

Daar is geen anatomiese verband tussen die iris en die res van die liggaam in die sin dat ander anatomiese dele van die liggaam in die iris afgelees kan word nie.

Op een of ander manier word die hele liggaam volgens die iriskopie in die iris afgelees. Elke deel van die liggaam het sy plekkie in die oog. 'n Mens sou dit kon vergelyk met kaartlees. As jy van Pretoria na Kaapstad ry, neem jy 'n padkaart saam. So sou die iris die kaart van die hele liggaam wees. Maar daar is 'n verskil. Almal kan nie hierdie kaart van die iris lees en tot dieselfde diagnose lei nie. Daarom is dit so dat geen twee dokters tydens iriskopie tot dieselfde bevinding kom nie. Ten diepste gaan dit daaroor dat die iris, soos die Here dit gemaak het, nie eerlik ondersoek en bestudeer word nie.

'n Mens sou okkulte werking teenoor skeppingswerking kon stel. Okkult verwys na verborge werking en is net vir ingewydes sigbaar. Dit kan nie verklaar word deur dit wat ons in die skepping en dus ook in die menslike liggaam sien nie. Skeppingswerking verwys na die werking wat na noukeurige ondersoek vir almal sigbaar is en verklaar kan word uit die prosesse wat God in die skepping gelê het.

Dit beteken nie dat die westerse medisyne alle vrae beantwoord het of kan beantwoord nie. Daar is baie beperkte insigte en baie onvolledige beskrywings van die skepping van die Here. Maar dit beteken nie 'n valse beskrywing van God se skepping – een wat net deur ingewydes gelees kan word of beoefen kan word nie.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Christelike teologie onder vergrootglas

In Godsdienstaktueel (*Beeld*, 9 September 2002) gee professor Sakkie Spangenberg van Unisa 'n taamlik breedvoerige uiteensetting van die lewe van die volstruis. Hy verduidelik hoe die volstruis deur ander voëls soos die Indiese spreeu verdring word. En dan pas hy dit toe op die mens se optrede:

Hierdie kort vertelling oor die volstruis behoort lesers daarvan bewus te maak dat óns spesie (homo sapiens sapiens) net soos die Indiese spreeu 'n bedreiging vir ander spesies is. Ons maak asof ons die belangrikste spesie op aarde is en die tradisionele Christelike dogmas versterk hierdie siening by baie mense.

Dié dogmas fokus uitsluitlik op mense, hul verlossing, voorspoed en geluk. Daar is selfs geleerdes wat meen dat die ekologiese

ramp waarop ons afstuur aan die Christelike godsdienste te wyte is. Die verspreiding van die Westerse vorm van die Christelike godsdienste het immers hand aan hand geloop met kolonialisme en kapitalisme.

Die negatiewe gevolge van die sendingaksies was dikwels die neersien op ander mense, hul godsdienste en beskawings. Geen wonder dat Theo Salemink, 'n Nederlandse teoloog, die volgende vraag oor rassisme gevra het nie: "Kan die leer van die mensdom horisontaal neergelê word as die leer van die godsdienste vertikaal bly staan, Christelike godsdienste bo en alle ander godsdienste laer af?"

Jörg Zink, 'n Duitse teoloog wat die tradisionele dogmas die rug

toegekeer en hom by die Groenparty in Duitsland aangesluit het, sê weer: “’n Teologie wat net op die mens fokus en net begaan is oor die sogenaamde breuk tussen God en mens, is ’n teologie van ’n vergange era”.

Hier te lande moet die besef nog tot gelowiges deurdring dat die Christelike teologie dringend hersien moet word. Dit moet pas by die tyd waarin ons leef en antwoorde gee op die vraagstukke waarmee ons worstel.

Dit is duidelik dat professor Spangenberg met verwysing na ander teoloë sekere aannames maak, wat uitloop op ’n versugting dat die teologie (’n mens kan maar lees: Gereformeerde leer) dringend hersien moet word.

Sy eerste aanname: Ons maak asof ons (die mens) die belangrikste spesie op aarde is en die tradisionele Christelike dogmas versterk hierdie siening by baie mense.

Kommentaar: Is dit so dat die mens voorgee dat hy die belangrikste spesie op aarde is? Die waarheid is immers dat God die mens na sy beeld geskep het om oor die skepping te heers. In ons belydenis (en dogma) bevestig ons dat ons kroon van God se skepping is. Kroon met ’n groot taak en verantwoordelikheid.

Tweede aanname: Dié (Christelike) dogmas fokus uitsluitlik op mense, hul verlossing, voorspoed en geluk.

Kommentaar: Die fokus van die Skriftuurlike dogma is die eer

van God, beslis nie die verlossing, voorspoed en geluk van die mens nie. Die verlossing van die mens moet lei tot die verheerliking van God. Daar moet eerlikheidshalwe bygevoeg word dat die verlossing van die mens nooit los staan van die verlossing van die sugtende skepping in sy geheel nie.

Derde aanname: Die negatiewe gevolge van die sendingaksies was dikwels die neersien op ander mense, hul godsdienste en beskawings.

Kommentaar: Diegene wat al moeite gedoen het om die vasteland van Afrika te besoek en te gaan kyk wat die vrug van sendingwerk is, sal bes moontlik tot ’n ander slotsom kom. Toegegee: daar is en daar word baie foute op die sendingveld gemaak. Maar om te wil beweer dat daar met sendingaksies in die verlede op ander mense, hul godsdienste en beskawings neergesien is, getuig van onkunde. Die neersien op ander volke moet eerder voor die voete van imperialiste en kolonialiste gelê word.

Slotsom: ’n Hersiening van die Christelike teologie is nie die punt waaroor dit gaan nie. Wat wel duidelik is, is die gemiddelde lidmaat se onkunde oor die inhoud van die belydenis. Daarmee saam ’n onkunde oor die Christelike lewenswandel wat by die Skriftuurlike belydenis pas en daaruit voortvloei. Teologie áánpas? Nee. Teologie aktueel verkondig en tóépas? Ja!

Ooreenkoms onderteken oor ‘verval’ in NG Kerk

Neels Jackson skryf in *Beeld* van 13 September 2002 oor ’n byeenkoms van ‘bekommerde NG-ers’ wat in Bloemfontein gehou is.

’n Samewerkingsooreenkoms is hier onderteken deur besorgde lidmate van verskillende gereformeerde kerke om mekaar te help om te stry teen dit wat hulle as verval in verval die NG Kerk beskou.

Mense uit veral die NG Kerk en Vrye Gereformeerde Kerk (V GK), maar ook enkelinge uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die NG Kerk in Afrika en ’n onafhanklike gereformeerde gemeente het eergisteraand tougestaan om as individue of namens hul kerkrade hul verbintenis tot dié stryd met hul handtekenings te bevestig.

Dit kom ná ’n konferensie oor Die Bybel en die krisis in die kerk.

Op die konferensie is ’n lang lys van skerp kritiek op praktyke in die NG Kerk uitgespreek. Dit het ingesluit dat die suiwer prediking van die Woord van God, die korrekte bediening van die sakramente en die uitoefening van die kerklike tug skeef loop in die NG Kerk. Dié drie kwessies word in die gereformeerde teologie beskou as die kenmerke van die ware kerk.

Ds. George Whitehead van die NG gemeente Hospitaalpark het ná afloop van die konferensie gesê ondanks die skerp kritiek op die NG Kerk is daar baie gemeentes waar dit nog goed gaan. Sy boodskap aan lidmate wat verward voel, is dat hulle nie uit die kerk hoef weg te loop nie.

Whitehead het beklemtoon dat hulle nie ’n nuwe kerk of ’n kerk binne ’n kerk gestig het nie.

Verskeie verteenwoordigers van die V GK het te kenne gegee

hulle meen die logiese gevolg van die skerp kritiek van sommige NG lidmate is dat sulke mense hulle moet losmaak van ’n kerk wat die spoor byster geraak het en hulle by ’n suiwer kerk moet voeg.

Die groep wil nou ’n webwerf vestig waar hulle hul sienings kan publiseer. ’n Opvolgkonferensie en moontlike streekkonferensies word ook in die vooruitsig gestel.

Lidmate en kerkrade is gevra om die kerklike kanale te gebruik om protes aan te teken teen “elke afwyking van die leer van Christus, waar dit ook al voorkom”.

Hierdie gebeure onderstreep die noodsaaklikheid om weg te beweeg van ’n akkomoderende gereformeerde sambreel-idee en uit te kom by die kern van gereformeerde-wees. Suiwer bediening van Gods Woord, die sakramente en die tug is die kenmerke van die ware kerk. So bely ons dit op grond van Gods Woord in Artikel 27 NGB. Daar moet opgetree word in lyn met die belydenis. Dit is duidelik dat NG lidmate en predikante self nog alles in die stryd wil werp om die NG Kerk van binne-uit te reformeer. Iets wat ons Gereformeerde voorouers al tot en met 1859 gedoen het, en toe tot stigting van die GKSA gelei het. Stemme gaan uit die Verenigde Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika op om bande met die NG Kerk te breek en by bestaande gereformeerde kerke (verkielik die Vrye Gereformeerde Kerk?) aan te sluit. Uiteindelik moet God die Here kinderlik gehoorsaam word. Dit gebeur deur eerlik te kyk na dit wat die NG Kerk op papier bely, en te toets wat in effek met daardie belydenis in die praktyk van kerkwees gedoen word.

Sinode 2003 op hande

Vanaf 6 tot 16 Januarie 2003 sal die Nasionale Sinode van die GKSA gehou word. Tweehonderd en tien afgevaardigde predikante en ouderlinge van oor die hele land trek saam op Potchefstroom. Daar is ook afgevaardigdes en waarnemers wat vanuit die buiteland teenwoordig sal wees.

Die sinode het gewigtige sake om te behandel en af te handel. Die kerke het 'n onderlinge afspraak dat daar nie voor die sinode oor die sake gepubliseer word nie. Op die agenda staan dit duidelik geskrywe: Kopiereg voorbehou. Met hierdie kort oorsig van die sakelys (agenda) wat ter tafel gaan wees, word dié onderlinge afspraak van die kerke eerbiedig.

Wanneer die sinode op 6 Januarie begin, sal daar nog heelwat sake by wyse van 'n aanvullende agenda tot die sakelys toegevoeg word.

Dertien beswaarskrifte is in die agenda opgeneem. Heel party van die besware handel oor finansies. Ander beswaarskrifte gaan oor die bewoording van Artikel 15 NGB insake erfsonde en doop, die bewoording van Artikel 24 NGB insake geloof en wedergeboorte, en die bewoording van Artikel 69 Kerkorde oor die Kerklied. Daar is twee beswaarskrifte teen die besluit van Nasionale Sinode 2000 insake Nagmaalviering. 'n Beswaarskrif is ook ingedien

teen besluite van Nasionale Sinode 1988 oor die vrou in die besondere ampte.

Ander leerstellige sake wat ter sprake gaan kom, is die verhouding tussen Sondag en Sabbat, asook die woorde in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Athanasius 'En neergedaal het na die hel'. 'n Studieverslag sal dien oor die plek van die vrou in die kerk.

'n Verskeidenheid rapporte van deputategroepe gaan ter tafel kom: oor Bybelmedia, Bybelvertaling en -verspreiding, diakonale sake, ekumenisiteit (verhouding met ander kerke in die binne- en buiteland), skakeling met die owerheid, emeritaatsversorging, finansies (veral wat betref die Administratiewe Buro), Christelike onderwys, kerkisasie, jeugsorg, kerkargief en -museum, liturgiese sake, kerklike media, kuratore, asook oor die Teologiese Skool Potchefstroom.

Die agenda bevat 323 bladsye leesstof. Dit kan op die Internet bekom word by www.gksa.org.za/sinode2003.

Die hoop en bede word uitgespreek dat Skrifgegronde en duidelik rigtinggewende besluite deur die sinode geneem sal word.

Redakteur



GEREFORMEERDE ONDERWYS

Die pad vorentoe

ARSO-seminaar vir almal wat die toekoms van gereformeerde onderwys in SA op die hart dra

Meer as ooit moet ons gereformeerde skole stig, help en toerus. Kom help dink oor hoe om dit ten beste te doen.

Datum en tyd: **Saterdag, 1 Februarie 2003, 08:30 - 15:30**

Plek: **Gereformeerde Skool Dirk Postma,
h/v Dickenson- en Codonialeaan, Waverley, Pretoria**

Besprekings oor:

- ***besluite van die pas afgelope nasionale sinode oor onderwys***
- ***die huidige omgewing, tendense en potensiaal van gereformeerde onderwys***
- ***gevallestudies***
- ***identifisering van toekomstige moontlikhede***
- ***die pad vorentoe***

Stel Mari Kirsten
(082 436 9642,
arso@lantic.co.za)
asseblief betyds in
kennis indien u
kom.

Gereël deur die Aksie Reformatoriese Skoolonderwys (ARSO)
Toegang gratis